
DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

26 Mei 1989 Tel: (011) 836-7236/836-2151 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



## Galg vir 'n slagter

**Barend Strydom gaan met sy lewe boet vir die rassemoorde op Strijdomplein. Maar sy langsame tog na die hel van die galgkamer het reeds begin.**
**Volledige berigte op bladsy 3**




Maties in opstand

# Gees van protes

Max du Preez

## Dit bróéi op Afrikaanse kampusse

DIE politieke houdinge op Afrikaanse kampusse is sterk aan die swaai weg van die jarelange dienstigheid aan die Nasionale Party.

Die jongste getuienis hiervan is die dramatiese gebeure dié week op Stellenbosch toe honderde Maties ondanks 'n universiteitsverbod op protesaksie, wat sedert 1985 op die kampus geld, met baniere en plakkate op die kampus geprotesteer het teen koshuise wat steeds net blanke studente toelaat.

Eergisteraand het 'n paar honderd studente uit 'n vergadering gestap wat die rektor, Mike De Vries, oor die protesaksies toegespreek het. Die protesteerders is herhaaldelik deur regse studente en selfs administratiewe personeel van die universiteit aangeval.

Twee weke gelede het sowat 1 500 Maties in opstand gekom teen De Vries se outoritêre verbod op Vrye Weekblad se Voëlvry-konsert. Net meer as 'n maand gelede het 'n groep Stellenbosse studenteleiers teen die wense van die owerhede in met ANC- en Afrikaleiers in Lusaka en Harare gaan gesels.

Op die kampus van die Pretoriase Universiteit het 'n regse aanslag op die anti-apartheidsorganisasie Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) verlede week misluk.

Op byna elke Afrikaanse kampus is daar nou 'n organisasie wat aktief teen regeringsbeleid propageer: SDS op Pretoria; die Afrikane Anti-Apartheid op die Randse Afrikaanse Universiteit; Nusas op Stellenbosch; Concerned Students op die Universiteit van Port Elizabeth; en die Transformation Action Group aan die Vrystaatse Universiteit. Al dié organisasies het ook swart lede.

Boonop is die Demokratiese Party ook besig om 'n "lösmaak-rol" op die kampusse te speel. Daar is volgens alle aanduidinge groot geesdrif op die meeste Afrikaanse kampusse, en DP-organiseerders glo Afrikaanse studente gaan in baie groter getalle as ooit

*Na bladsy 2*

# Pssst! Wat sê Oliver Tambo?

DIE leier van die African National Congress, Oliver Tambo, het 'n belangrike uitspraak oor dié beweging se houding jeens sanksies teen Suid-Afrika gemaak - maar Suid-Afrikaners mag nie weet wat hy gesê het nie.

Tambo het in Lagos met verslaggewers gepraat ná samesprekinge van twee dae met die Nigeriese militêre regering.

Volgens die nuusagentskap Associated Press het hy sterk afgewyk van die bekende ANC-standpunt oor sanksies. 'n ANC-woordvoerder in Lusaka het later gesê hulle probeer om met Tambo in verbinding te tree om bevestiging vir die "ongewone" uitlatinge oor sanksies te kry, maar kon tot gister nie daarin slaag nie.

Die woordvoerder het selfs te kenne gegee dat die AP-verslaggewer Tambo verkeerd kon verstaan het, hoewel die AP-berig Tambo woordeliks aanhaal. Soortgelyke aanhalings is ook in Zimbabwiese koerante gepubliseer.

Tambo het ook belangrike uitlatinge oor die gewapende stryd en onderhandelinge met die NP-regering gemaak.

Tambo is egter ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid op 'n lys van persone wat nie aangehaal mag word nie.


Die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, word juis op die oomblik ingevolge dié wet daarvan aangekla dat die koerant 'n gelyste persoon sou aangehaal het. Uitspraak in dié saak word eers op 19 Junie gegee.

As Du Preez skuldig bevind word, sal dit beteken dat Suid-Afrikaners selfs nie mag weet as Tambo byvoorbeeld sou sê die sanksie-veldtog teen Suid-Afrika moet nou gestaak en die internasionale druk op die land verlig word nie.

## Is die erwe van ons vaad're nog die erwe van ons kinders?

10 & 11

# Koelbloedig, berekend, barbaars



Jacques Pauw

"BAREND STRYDOM, jou optrede was berekend, koelbloedig en barbaars. Dit is my plig om jou vir goed uit die gemeenskap te verwyder. Daar is geen versagtende omstandighede nie."

Dít was die woorde van regter Louis Harms voordat hy en twee assessore gisteroggend om elfuur die rassemoordenaar Strydom in die Pretoriase Hooggeregshof agt keer ter dood veroordeel en tot 30 jaar tronkstraf gevonnis het.

Die uitspreek van dié vonnis is vir hom 'n baie moeilike taak, het Harms gesê voordat hy met 'n strak gesig vir Strydom tot een van die swaarste strawwe in Suid-Afrika se misdaadgeskiedenis gevonnis het.

Strydom het die regter in die oë gekyk, 'n sluk water geneem en is onmiddellik deur 'n polisieman die seltrappe afgelei. Sowat 15 minute later is hy met loeiende sirenes na die dodeselle in die Sentrale Gevangenis in Pretoria geneem.

Sy pa, Nic Strydom, en sy stiefma Daphné het na die vonnis uitdrukkingloos voor hulle gekyk terwyl talle simpatiseerders 'n bemoedigende woord in hul oor gefluister het.

"Toe maar, daar's hoop," het prokureur Wim Cornelius aan Strydom se pa gesê en sy hand op sy skouer gesit.

Strydom is na agt drama-belaaide hofdae waarin hy self, oorlewendes van sy moordorgie, sy pa, sielkundiges, maatskaplike werkers en psigiaters getuig het, deur Harms as 'n genadelose moordenaar beskryf wat 'n volksheld wou word.

Strydom is onrehabiliteerbaar, en moet vir ewig uit die gemeenskap verwyder word, nadat hyself getuig het dat hy weer swartmense sal skiet, het Harms gesê.

Tydens die uitspraak het dit bekend geword dat Strydom 72 identiese briewe oor die "militêre suksesse" van die Wit Wolwe in die tronk geskryf het. Een van die briewe is verlede week deur Vrye Weekblad gepubliseer en is gister deur Harms in die hof voorgelees.

Die 23-jarige selferkende leier van die Wit Wolwe wou volgens Harms die agt moorde wat hy op 15 November verlede jaar in Pretoria gepleeg het, gebruik om sy ideaal van 'n Boerestaat vinniger te bereik en vrees by swartmense in te boesem.

"Die moorde getuig van 'n gevoelloosheid waarvan ek nog nie gehoor het nie. Jy kon jou lag nie hou terwyl jy mense geskiet het nie. Jy was selftevrede en het jou daad goed beplan," het Harms gesê.

Strydom is 'n erger terroris as enige ander, het Harms gesê, want hy het gelag terwyl hy sy slagoffers afgemaai het.

Die hof was 'n uur vóór die uitspaak reeds volgepak. Voor regter Harms die hofsaal binnegekom het, het Strydom oudergewoonte met persmense geskerts en grappies gemaak.

Dié gewese polisieman se voorkoms het in agt dae 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Hy het die hofsaak begin met lapelwapens van Aquila en die AWB op sy bors en 'n Vierkleur-das om sy nek.

Gister was hy uitgevat in 'n roomkleurige pak met 'n gestreepte das en daar was geen kentekens op sy lapel nie.

Harms het Strydom beskryf as 'n vriendelike, saggeaarde kêrel wat wyd belese is en 'n bo-gemiddelde intellek het.

Die hof het die bewering dat Strydom buitengewoon deur sy pa se regse politiek beïnvloed is, verwerp. Sy dade kan beslis nie aan sy pa toegedig word nie, het Harms bevind.

"Strydom was bereid om sy sterk godsdienstige oortuigings te verraai om sy politieke sienings te bevorder. Hy was genadeloos met vroue en gewondes en het net genade getoon as hy so gevoel het.

"Dis swaar om iemand met jou potensiaal te straf, maar jy het verkies om jou eie *potensiaal self* te vernietig," het Harms gesê.

## 'Die polisie lyk nie so gelukkig nie'

Elsabé Wessels

SIMON Khorombi Mukondeleli was gister die held by die Strydom-verhoor.

Die klein, skraal man wat Strydom die dag van sy bloedorgie ontwapen het, is gister binne en buite die hof geloof vir sy "heldedaad".

"Namens die gemeenskap en die hof wil ek Simon spesiaal bedank vir die menselewens wat hy gespaar toe hy Strydom ontwapen het," het Regter Louis Harms gesê net voor hy Strydom ter dood veroordeel het.

Mukondeleli was een van die sowat 300 swart Pretorianers wat gister buite die Hoogeregshof op Kerkplein stilswyend saamgedrom het "om te sien dat geregtigheid geskied. Dit is nie net Strydom nie, maar ook die regering wat vandag verhoor word," het hy gesê.

Die pryswoorde binne die hof kon hy egter nie self aanhoor nie. Hy moes buite staan. "Die polisie wou my nie inlaat nie. Hulle ken my," het hy aan Vrye Weekblad gesê.

Dit was die derde dag dat hy buite die hof kom wag het.

Buite het groot groepe om hom saamgedrom, ondanks pogings van die polisie om die heldeverering stop te sit. Volgens Mukondeleli is hy reeds twee keer na sy heldedaad deur die polisie vir beweerde oortredings aangehou.

Maar telkens het nog 'n bewonderaar gekom om die heldhaftige buksie op die skouer te klop en sy hand te skud. "Jy het die vyand gestop. Ek waardeer dit broer," kom sê 'n inwoner van Mamelodi.

### Paslike vonnis

"Jy moes die pistool geneem het en hom doodgeskiet het," kom sê nog 'n verbyganger aggressief.

"Nee, ek moor nie. Dis vir die polisie. Ek neem nie die reg in eie hande nie. Die regter sal besluit," sê Mukondeleli. "Ek het Strydom se lewe gespaar. Die polisie sou hom doodgeskiet het," voeg hy by.

Gevra wat hy dink wat 'n paslike vonnis sou wees, was sy antwoord: "'n Doodsvonnis. As hy minder as 'n doodsvonnis kry, moet hy nie sy voet in 'n township sit nie. Hy sal 'n band om sy nek kry. Kry hy nie die doodstraf nie, sal daar elke dag 'n bom êrens in Pretoria ontplof."

Toe die eerstes die boodskap bring dat Strydom die doodsvonnis gekry het, staan ek weer langs Mukondeleli. Hy en die honderde swart toeskouers is merkbaar stil. "Ons is bly," sê hy. "Die regering het geregtigheid laat geskied.

"Die mense is gelukkig, maar die polisie lyk nie so gelukkig nie," sê Mukondeleli. Teen die middag het hy 'n koerantgebou ingevlug nadat die polisie hom gewaarsku het dat hy nie moeilikheid moet maak nie.

Van die AWB en ver-regse groepe was daar min van te sien.

'n Jong man met donker hare, donkerbril en geklee in 'n Duitse SS Nazi-uniform uit die Tweede Wêreldoorlog, wat nie sy naam bekend wou maak nie, het net gesê: "Ek verteenwoordig die Vierde Ryk." Hy en 'n vriend ook in 'n donkerbril en met 'n Aquila-lapelwapen het vroeg-oggend buite die hof stelling ingeneem, maar later padgegee.

'n Jong wit vrou met 'n plakkaat "Roei die KP, AWB en Wit Wolwe uit" en op die agterkant "Moordenaars doen dit aan die galg" is voor die hof deur die *polisie in hegtenis geneem. Sy het met 'n gebalde vuis* in die polisiewa geklim.

# Dié hel lê vir hom voor

Jacques Pauw

STAATSDIENSVORM J 221 A lui kort en kragtig: LASBRIEF: DOODSVONNIS. Dit is dié vorm met die dik, swart raam wat regter Louis Harms gister onderteken het wat gelas het dat Barend Strydom na die dodeselle van die Sentrale Gevangenis in Pretoria geneem moet word om sy teregstelling af te wag.

Strydom sit vandag saam met sowat 250 terdoodveroordeeldes in die dodeselle in Pretoria. Dit is hiér waar die wreedheid van die doodstraf begin en waar Strydom die volgende maande gaan wag om te hoor of die Appèlhof of Staatspresident gaan besluit om hom te begenadig.

Dit is hiér waar regters vertel van die hande van veroordeeldes wat krampagtig aan die tralies vasklou terwyl hulle wag op die slegte of goeie nuus.

Strydom kan verseker wees dat 'n organisasie soos Regslui vir Menseregte net so hard sal veg om hom van die galgtou te red as enige ander veroordeelde. 'n Afskrif van die hofrekord word binnekort vir hersiening aan die Staatspresident, elke lid van die kabinet en regsadviseurs van die Departement van Justisie gestuur.

Die dodeselle is 'n plek waar die ligte altyd brand en die skadu van die dood alomteenwoordig is.

Die dodesel waarin Strydom hom nou heel moontlik bevind, bestaan uit 'n bed, vyf komberse en 'n klein tafeltjie wat aan die muur vasgemaak is. Daar is 'n klein venstertjie waardeur bietjie lig skyn.

Om te keer dat Strydom homself of ander gevangenes beseer, sal hy nie toegelaat word om 'n belt te dra nie en met plastiese eetgerei uitgerus word.

Strydom se eerste dag in die dodeselle het vanoggend om sesuur begin toe 'n klok gelui het om die begin van die nuwe dag aan te kondig.

Sy ontbyt het heel moontlik bestaan uit pap en melk met suiker, twee snye brood en bitter, swart koffie.

Na ontbyt mag hy vir sowat 'n halfuur stap en oefening doen waarna middagete, gewoonlik sop en brood, om elfuur bedien word. Aandete in die dodeselle word reeds om drieuur bedien en bestaan uit vleis of soja met groente en rys. Die dag eindig om agtuur wanneer die ligte afgeskakel word.

Strydom, wat 'n ywerige briefskrywer is, mag soveel briewe skryf en ontvang as wat hy wil en 'n onbeperkte aantal besoeke ontvang.

Wat se soort mense gaan Strydom in die dodeselle aantref?

Eerstens sou hy verlig wees om te weet dat "gekleurdes" en blankes apart aangehou word. Minder as een uit elke tien veroordeeldes is wit.

Soos die geval met Strydom, het 75 persent van die veroordeeldes hul misdade gepleeg toe hulle jonger as 25 jaar was. Daar hou die ooreenkomste op.

Die oorgrote meerderheid van Strydom se mede-veroordeeldes kom uit haglike sosio-ekonomiese omstandighede en 65 persent het 'n akademiese kwalifikasie van standerd sewe of laer. Sowat 40 persent sit al vir langer as 'n jaar in die dodeselle en wag op begenadiging.

Staatsadvokaat Paul Fick het in sy betoog verwys na die ooreenkomste tussen Strydom en die veroordeelde ANC-guerrilla Robert McBride, wat ook in die dodeselle sit weens 'n motorbomontploffing waarin drie mense dood is.

Albei was 23 jaar oud toe die misdade gepleeg is, wou 'n oorlog ontketen, is deur hul pa's beïnvloed en het mense van ander rasse geminag.

McBride het in sy verhoor gesê dat hy dit haat om as "Kleurling" geklassifiseer te wees en dat dit eintlik 'n vloekwoord is. Hy wou rassisme vernietig en het die afkondiging van die noodtoestand as 'n oorlogsverklaring beskou.

Strydom gaan terloops nie die enigste wit, regse moordenaar in die dodeselle wees nie.

Henry Burt het in 1987 die eerste blanke geword wat ter dood veroordeel is weens 'n halssnoermoord op 'n swartman.

Hy was 'n stigterslid van die verregse Civil Defence League in Pretoria en het die pos van brandweerhoof beklee. Op die nag van die moord het die League die voorgenome totstandkoming van die swart woonbuurt Norweto bespreek waarteen hulle sterk gekant was.

Burt het dwarsdeur sy hofsaak volgehou dat hy onskuldig was en ontken dat hy anti-swart is. Hy het egter ook noue bande met ver-regse aktiviste gehad.

Voordat Strydom se doodsvonnis voltrek gaan word, sal die regsadviseurs van die departement van Justisie weer sy saak nagaan om versagtende omstandighede te soek. Hierna sal die Staatspresident op advies van die kabinet moet besluit of Strydom begenadig sal word.

Die prosesse gaan veroorsaak dat hy onvermydelik maande of selfs jare in die dodesel moet wag.

En as al sy uitweë misluk het?

Dan sal die gevangenisowerhede gelas dat Strydom oorgeplaas moet word na 'n afdeling met aparte selle - bekend as die "pot" onder veroordeeldes. Dié selle is gereserveer vir veroordeeldes wat in kennis gestel is van die teregstelling - gewoonlik sewe dae voor die tyd.

'n Paar dae voor teregstelling sal bewaarders Strydom se mates kom neem. Die dikte van sy nek, sy lengte en gewig - alles nodig vir die laksman om sy tou voor te berei.

Die middag voor die teregstelling sal sy pa, Nic, sy stiefma Daphné en ander familielede van hom afskeid mag neem.

Die aand voor sy teregstelling sal hy 'n ontbeende hoender vir aandete en R4 kry om vir homself iets by die tronk se snoepwinkel te gaan koop.

Uiteindelik, gewoonlik teen dagbreek die volgende oggend, sal 'n bewaarder die dodesel inkom en vir Strydom sê: "Dit is tyd om te gaan."

In die galgkamer sal die tou oor sy kop gesit en die knoop net agter sy oor vasgetrek word. Hierna sal die laksman 'n masker oor sy gesig trek en die hefboom trek. Alles is binne sekondes oor.

Sy mede-veroordeeldes sal net 'n dowwe "doef" hoor as die valdeur onder sy voete oopswaai.

Nadat sy liggaam tien minute aan die tou gehang het, sal 'n dokter vasstel of daar nog enige hartklop is. Indien daar nog 'n polsslag is - en dit gebeur dikwels - sal Strydom se liggaam vir nog 'n paar minute aan die tou moet hang.

Die teregstelling is voltooi en vir baie Suid-Afrikaners sal die rassemoordenaar Barend Strydom se dade vergeld wees.

* Dit is interessant dat die Black Sash tydens 'n ondersoek na die doodstraf vroeër vanjaar vir die familie van terdoodveroordeeldes gevra het of Strydom vir sy dade moet hang.

Nie een het ja geantwoord nie. Een het gesê: "Ek kan nie sê Strydom moet doodgemaak word nie omdat hy ook 'n mens is. Ek haat die doodstraf. Ek voel nie enigiemand het die reg om opdrag te gee dat iemand doodgemaak mag word nie. Dit maak nie saak wat gebeur het nie."

# LAAT DIE MENSE PRAAT!

## Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:

1. Die Noodtoestand te beëindig
2. Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef
3. Beperkings op demokratiese organisasies te skrap
4. Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig

## LAAT
## 10 JUNIE
## DIE DEMOKRATIESE PROSES VRY MAAK

# Experience a celebration of the Arts

## Standard Bank National Arts Festival 6-14 July 1989

Now is the time to plan your visit to our greatest annual arts event. For nine exhilarating days immerse yourself in a cultural diversity that offers the latest and best talents in South Africa.

From drama, comedy, cabaret and revue, through to mime, dance, classical music, poetry, fine art, craft, film and rock music. The range is as wide as the diverse audience. There is something to stimulate and excite everyone.

Make sure you don't miss out on something special. The explosion of offerings makes it vital for you to choose from thousands of performances and events. So be sure to plan your visit in advance.

A comprehensive guide on what to see – with thumbnail sketches of individual events – where to stay and how to get there, including all the booking forms you need, enables you to get maximum enjoyment from our own cultural kaleidoscope.

The official opening takes place at 10h30 on Saturday July 8.

Join in this feast of culture. Send for your Standard Bank Booking Kit today.

***To: Festival Officer, 1820 Foundation, PO Box 304 Grahamstown 6140 or 1820 Foundation, 1st Floor, The Mews, Rosebank 2196.***

Name: ..........................................................

Address: ..........................................................

..........................................................

..........................................Code ..................

Please send me .................... copy/ies of Festival Booking Kit at R5 each.

I enclose cheque/postal order for R ..................

**Cheques payable to 1820 Foundation.**
**The Kit is free to members of the Foundation.**

**Highlights of the 1989 Standard Bank National Arts Festival**




A Trinity of Two by Ulick O'Connor from Pieter Toerien Productions · Just Like Home by Pieter-Dirk Uys · Stille Nag by Deon Opperman · Smallholding by Paul Slabolepszy · PACT's production of Shakespeare's As You Like It · Dankie Auntie




by Zakes Mda · CAPAB's production of Shakespeare's Macbeth · PACOF's 'n Brommer in die Boord · Women of Africa: a première from The Market Music Platform directed by Barney Simon · Festival of Student Drama – 12 plays from South African universities and technikons · The Cape Town Symphony Orchestra gives two concerts conducted by world famous guest conductor Wilfried Boettcher · Piano recital by international pianist



Steven De Groote · The Anatomical Journey of a Settler Man choreographed by 1989 Standard Bank Young Artist Award Winner for Dance, Gary Gordon · Helen Sebidi Exhibition, 1989 Standard



Bank Young Artist Award Winner for Fine Art · Exhibition of traditional beadwork and fabrics · Fritz Krampe exhibition · Indian Miniatures exhibition · The Winter School with the theme 'Transitions' provides a platform for 'the



revolving movement of the mind expressed in ever-changing art forms' · Film Festival compiled by James Polley follows the theme



'Transitions' as it pertains to South African society. Over 1 000 Fringe events. And now for the first time – the Festival Craft Fair, the Grahamstown Expo '89, a River Boat Jazz Tent and a corner for buskers.



**Full details in the Festival Booking Kit. Complete the coupon to send for yours today.**



1820


Standard Bank

The Standard Bank of South Africa Limited (Registered Bank) Reg No. 62/00738/06

SBIC 205014/397

# Hendrik se blondines en 'n hele skoenboks vol grotes

**Oom Hendrik van Rooyen is 'n lewende legende van 'n sterwende geslag delwer-pioniers. Hy is iewers tussen die twee Boere-oorloë gebore met, soos hy dit stel: "'n Delwerspan in die hand." Sy laaste groot diamant het hy vyftig jaar gelede uitgehaal, want êrens in sy verlede lê 'n vreeslike vloek. Maar hy delf steeds. JACQUES PAUW het met hom gaan gesels**



Oom Hendrik op soek na grotes

OM 'n diamant te kry, sê die ou delwer met sy stoppelbaard en blink kraalogies, is soos om 'n pragtige blondine tussen duisende bruinkoppe raak te sien.

En wag maar, sê die strydos van sewentig jaar se delf, môre-oormôre lê 'n blondine so groot soos 'n hoendereier weer in die palm van my hand.

Oom Hendrik van Rooyen is "al baie ouer as taggentag jaar". Hy dink hy is gebore iewers tussen die twee Boere-oorloë, maar "bietjie nader aan die laaste een."

Hy is 'n lewende legende van 'n sterwende geslag pioniers: daardie delwers wat met hul kaal hande groot gedeeltes van die land man-alleen getem en oopgemaak het.

Dié mense wat met niks anders nie as 'n groot droom en 'n hart vol hoop na die delwersvelde gekom het... en waarvan die meeste weer met niks daar weg is.

Sommige het gebly, enkeles het grotes gekry en skatryk geword.

Die meeste van dié wat bly soek het, het net kleintjies gekry wat hulle in 'n kênfruit-bottel gegooi en een keer 'n maand vir drankgeld verkoop het.

Maar nooit het hulle ophou droom oor die skat onder die grond nie.

Soos Hendrik van Rooyen...

Hy is in 'n delwershut met 'n sinkdak en 'n moddervloer gebore. En dit is waar hy grootgeword het, waar die delwerslus van vroeg af deur sy are gebruis het. Selfs sy ma het gedelf.

"Ek onthou Pelgrimsrus asof ek gister daar was. Ek was nog net 'n kind, maar ek onthou nog hoe my pa my met die kleimloop laat hardloop het om vir hom 'n kleim net bokant die spruit af te steek.

"Ek het leer pan en sorteer waar ander kinders leer lees en skryf het. My pa, 'n groot man wat 'n bottel whisky 'n dag uitgedrink het, het geglo die rykdom onder die grond sal nooit opraak nie en geleerdheid is nie nodig nie. Hy het diamante rykmaaklippies genoem.

## Drankgeld

"Ek onthou die dae toe daar so baie diamante in Pelgrims was dat ek en my pa die kleintjies in 'n kênfruitbottel gegooi het. Dit was sy drankgeld vir die maand.

"Ek sal nooit vergeet nie hoe die Blourokke kort-kort by my pa aangedoen het om met hom oor die drank te raas. O, Pelgrims was 'n sondige plek," vertel oom Hendrik.

In 1916, toe al 'n bedrewe delwer, het sy pa hom van die kleim af weggejaag en die jong Hendrik se kop het weswaarts gestaan - na die Wes-Transvaal waar ryk diamantvelde tussen die mielielande en warrelwinde ontdek is.

Hy het in Bloemhof uitgekom, waarheen talle mislukte delwers uit Kimberley en Pelgrimsrus gestroom het.

Hier het die sout van die aarde hul rûe krom gewerk om diamante uit te grawe. Oom Hendrik sê die plek was 'n sendeling se droom, en kort voor lank het die Blourokke ook daar uitgeslaan!

"Daar was volop diamante, volop drank en volop meisies. Moedelose delwers is oornag bekeer om net weer so vinnig na hul ou weë terug te keer sodra hulle 'n groot diamant ontdek het.

"Daar was twee hotelle met saloons waar die manne deurnag gedrink en baklei het. Ons het baie keer in die oggend met die gebreekte meubelstukke in ons hande teruggesukkel na die kleims om weer te begin pik.

"Bloemhof was 'n delwersdorp. Dit was die dae van donkiekarre en ossewaens en 'n swerwende tentlewe tussen plekke met name soos Winter's Cold, MacGrady's Hope, Good Hope, Bad Hope en No Hope.

"Een keer per week het die kopers uit Johannesburg gekom. Meesal Ingelse. Groot manne het soos kinders gehuil omdat hulle nie die regte pryse gekry het nie. Gelukkig is die sorge gou weggesuip".

Oom Hendrik vertel van die paniek as iemand 'n werklike grote gekry het. Hy vertel van iemand met die naam Matroos Niemand wat 'n 150-karater uitgepik het.

Die kopers was nog vyf dae ver en Matroos het nie die bank "getrust" nie. Hy besluit toe om die diamant in in sakkie in sy onderbroek te bêre. Vroulief is aangesê om soos die graf te swyg.

Maar helaas, sy kon haar groot sê nie inhou nie, en kort voor lank het Bloemhof net oor een ding gepraat: "Matroos se knewel in sy broek!

As Matroos in die straat afgestap het, het die vroue na hom toe gekom en gesê: "Matrosie, ons weet jy het nou drie. Wys vir ons daai blink ene, toe!"

## Besluite

Dit was in die dae wat Hendrik op die wal van die Vaalrivier gestaan en na 'n groot moddergat staan en kyk het. Daar het hy besluit, gaan hy die grotes kry.

Dit was die begin van groot geluk en ewige rykdom.

Tot die vloek gekom het...

Hendrik van Rooyen het eers 'n 28-karater uit die gat gehaal. Dié het hy verkoop vir 250 pond. Daarna 'n 60-karater wat hom 500 pond in die sak gebring het.

En toe, 'n werklike knewel. Oom Hendrik se ogies blink. "As ek hom in my mond gesit het, het my kies met 'n knop na buite gewys. Ek was 'n ryk man.

"Jy moet onthou, in daai dae was 'n 100 pond baie geld. 'n Sak meel het vyftig sent gekos en 'n sak suiker 60 sent.

"Ek was gerespekteer. Ek het drankies in die saloon op die huis gekry. Die mans het my gehaat en die vroue was almal lief vir my."

En verder wil oom Hendrik nie graag praat nie. Veral nie oor die nuwe kroegmeisie wat sy oog gevang het en waarmee hy 'n paar maande later getroud is nie.

Die egpaar het 'n dogtertjie gehad. Maar sy het horrelvoetjies gehad. Die skande vir Bloemhof se voorste delwer was baie groot.

Ma en kind is summier uit die delwerskamp weggejaag.

Van dáárdie dag af is Hendrik van Rooyen alleen. Die gemeenskap het sy rug op hom gekeer. Die ander delwers het gesweer hy sal nooit weer 'n grote uithaal nie. En 'n erger straf kon daar nie wees nie.

Hy is kort daarna weg Wolmaransstad toe en het vir hom 'n sinkhuisie aan die noordoostekant van die dorp langs Makwassiespruit opgeslaan.

Die grootste diamant wat hy in die laaste veertig, vyftig jaar gevind het, was 'n witte van dertien karaat.

En dié is deur 'n mol uitgestoot.

Ons sit in sy stowwerige sinkgehuggie. Dit staan onder 'n klomp bloekombome ver van die ander delwers af.

Tant Alewiek skink die koffie. Sy praat nie eintlik nie. Op die tafeltjie staan 'n leë blompot, twee vuil koffiebekers en 'n halwe bottel Klipdrif.

Die afgelope tien jaar pan hy in dieselfde gruisgat. Soms laat die groter delwers hom toe om hul deurgewerkte hope weer te sif.

Oom Hendrik het nooit die twintigste eeu betree en vir hom masjiene gekoop nie. Maar elke keer wanneer hy die glinster van 'n diamant sien, weet hy dat ware liefde steeds op die harde manier verdien word.

## Beduiwel

"Hierdie manne met hulle groot masjiene het alles kom beduiwel. Die wêreld hier rond is uitgewerk van die diamante met al die cattepillars en bulldozers wat die manne deesdae gebruik."

En helaas, aan die noordooste kant van Wolmaransstad lyk dit of al wat mol is saamgespan het om die wêreld hier om te dolwe.

Vandag kos dit sowat een miljoen rand om 'n moderne delwery op te rig. Die bogrond word eers met 'n kruiptrekker verwyder om die diamantdraende gruis bloot te lê voor 'n masjien dit volgens grootte sorteer. Sowat 120 ton gruis word daagliks gepan vir diamante.

Na raming is daar sowat 220 gelisensieërde delwers in Suid-Afrika oor.

## Diamantkoors

Wolmaransstad, wat aan die einde van die vorige eeu as halfwegstasie tussen Kimberley en die Rand opgerig is, is die afgelope jare kort-kort deur diamantkoors beetgepak wanneer nuwe ontdekkings gemaak is.

In die dorp self het verskeie mense al hul dorpserwe omgedolwe op soek na die rykmaakklippies.

Dieselfde het gebeur in die nabygeleë Makwassie, waar die dorp se gruishoofstraat al gesluit is om inwoners die kans te gee om in die rooi grond na diamante te soek.

"Hierdie mense dink mos jy krapkrap bietjie in die grond rond en kry 'n diamant. Nee, ou kêrel, hierdie is harde en fyn werk. Daar is ook nie iets soos 'n eerlike man wanneer dit by diamante kom nie.

"In my dae is ek seker deur 'n skoenboks diamante. En elke keer het my hand gebewe as ek hom so tussen my duim en voorvinger vasknyp en na die son toe wys."

Oom Hendrik sê hy was die afgelope dekades maar net ongelukkig om nie weer 'n grote op te pik nie. In sy gruisgat skuil groot rykdom, glo hy.

Daarom, as die gesondheid dit toelaat, skuifel hy nog elke dag af na sy gruisgat met sy kierie in sy een hand en sy pan in die ander.

Oor dié vloek praat hy nie.

"Laat ek jou liewer vertel van daai dae op Bloemhof..."

# Namibia: Die groot trek terug begin

Sue Pleming

OSHAKATI - Terwyl Suid-Afrikaanse en Gebiedsmagsoldate in lang konvooie besig is om suidwaarts te onttrek, maak die noorde van Namibia hom gereed vir 'n groot gebeurtenis: die terugkeer van tienduisende familielede uit ballingskap in Angola en Zambië ná 'n bosoorlog van 23 jaar.

'n Swapo-woordvoerder het gister gesê die repatriasie sal volgende week begin en 2 000 vlugtelinge sal daagliks met sewe vlugte na hul vaderland teruggeneem word.

Vir die soldate van die SAW en die Gebiedsmag is dit ook 'n groot verligting ná die bloedige konflik verlede maand. As die vrede hou, sal die laaste 1 500 soldate aan die einde van November uit Namibia wees.

Maar alles gaan nie heeltemal voor die wind nie. Blankes het verlede naweek 'n Untag-amptenaar uit die Ivoorkus in 'n restaurant in Gobabis met die vuiste aangeval - "onder die indruk dat die restaurant vir blankes alleenlik is," sê VV-woordvoerder Cedric Thornberry.

En volgens menseregtegroepe en kerklikes hier het voormalige lede van die ontbinde polisie-eenheid, Koevoet, inwoners tydens soektogte na guerrillas geïntimideer en mishandel.

Die polisie ontken die aanklagte, maar erken dat sommige lede van Koevoet wel in die gebied onder die leiding van Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte bedrywig was.

Die Koevoet-lede se optrede het nou gelei tot 'n skoolboikot in Owambo. Die kantoor van die administrateur-generaal praat van 20 000 leerlinge wat daaraan deelneem, maar die Namibia National Students Organisation sê dis nader aan 40 000.

Koevoet word daarvan aangekla dat hulle inwoners geterroriseer het terwyl hulle besig was om Swapo-vegters, wat nie na Angola terug gekeer het ná die implementering van die VV se vredesplan op 1 April nie, agtervolg het.

Die bewerings, wat van aanranding tot die beskadiging van eiendom strek, is deur die Menseregtesentrum (HRC) en die Evangeliese Lutherse Kerk ingesamel en aan Untag oorhandig.

VV-amptenare het ook gesê dat hulle aanklagte van beweerde intimidasie deur Swapo-ondersteuners ontvang het.

Louise Jacobs van die HRC sê sy het gedurende die afgelope twee weke 80 aanklagte van "intimidasie" ontvang.

Een van die aanklagte wat sy ontvang het, is dié van 'n swart meisie van 17 wat deur 'n Koevoet-lid gedwing is om haar klere uit te trek en daarna 3 km huis toe moes loop. Na bewering is sy toegelaat om haar onderklere aan te hou omdat dit nie in die kleure van Swapo was nie.

By die dorpie Ombalantu beweer inwoners dat mense in Swapo-klere, wat hulle as Koevoet-lede herken het, daar opgedaag het om inligting oor Swapo-ondersteuners te kry.

Thornberry sê die VV beskou Koevoet as 'n paramilitêre mag wat nie veronderstel is om saam met die Namibiese polisiemag op te tree nie.

Terwyl die politici en diplomate nog onderhandel oor die voorwaardes vir die terugkeer van bannelinge, is werkers inderhaas besig om ontvangsentra in Owambo vir hulle voor te berei.

Sowat 70 persent van die bykans 40 000 vlugtelinge wat in Angola en Zambië geregistreer het, gaan hulle waarskynlik in die noorde vestig, sê Ilunga Ngandu, die noordelike koördineerder van die VV se Hoëkommissariaat vir Vlugtelinge.

"Ons werk is moeilik, maar ons hoop dit gaan glad verloop. Ons wil hê hul terugkeer moet veilig en met waardigheid geskied," sê Ngandu.

Die vlugtelinge moes al twee weke gelede begin terugkeer het, maar dit is vertraag omdat diskriminerende wetgewing soos aanhouding sonder verhoor nie betyds geskrap en amnestie gefinaliseer is nie.

Volgens VV-woordvoerders is die program ook deur wye berigte van intimidasie in die noorde vertraag.

Al vyf die ontvangsentra ingevolge die vlugtelingskema van sowat R80 miljoen is op kerkgrond.




'n Suid-Afrikaanse soldaat in Namibia - 'n gesig wat binnekort nie meer te sien sal wees nie

Eerw Onesimus Shanyengange van die Engela-sendingstasie sê sy gemeenskap is gretig om die vlugtelinge terug te verwelkom. Hy verwag dat sy eie broer en swaer, wat lank gelede weg is "om vir die bevryding van Namibia te veg", onder hulle gaan wees.

Intussen het familielede van mense wat glo deur Swapo in kampe in Angola en Zambië aangehou word, vandeesweek 'n beroep op die VV gedoen om te verseker dat hulle ook saam met die ander bannelinge terugkeer.

Thornberry sê die Ouerkomitee van Namibia het verlede week lank met die VV se spesiale verteenwoordiger, Martti Ahtisaari, beraadslaag en ook 'n brief aan die sekretaris-generaal van die VV, Javier Perez de Cuellar, gestuur. Hulle het die name van 46 mense gegee wat glo deur Swapo doodgemaak is, 54 wat steeds aangehou word en 144 wat spoorloos verdwyn het. - AFP

# Wit boere verkies Botswana bo Swapo

Sue Pleming

WITVLEI, Namibia - Carl van Bosch, die eienaar van die Witvlei-hotel, gaan net nadat hy gestem het in die onafhanklikheidsverkiesing, Botswana toe trek om 'n nuwe lewe saam met sy gesin daar te begin.

Soos baie ander blankes in Namibia, noem hy homself 'n "Suidwester". Hy is bang vir die toekoms in 'n onafhanklike Namibia want ná die verkiesing - wat vir November beplan word - sal die mag waarskynlik in Swapo se hande val.

"As Swapo inkom, gaan ek dié blêddie hotel afbrand en my familie na Botswana neem," sê hy.

"Hulle is nou deur al hierdie onafhanklikheidsnert en kan hulself nou vestig en aangaan met hulle eie lewens."

"Ek wil nie deur Swapo-mense geterroriseer word nie," sê hy met die geblêr van country-musiek in die agtergrond.

Soos baie blankes, is Van Bosch bang dat vlugtelinge en uitgewekenes - wat volgens die VV se onafhanklikheidsplan na Namibia terugkeer - "anti-blank" sal wees. Hy verkies "om eerder self 'n vlugteling te word" as om deur Swapo regeer te word.

Op Witvlei, 'n klein dorpie oos van Windhoek, is Van Bosch se hotelletjie die grootste bron van vermaak vir die wit boere wat daagliks daar vergader om die komende onafhanklikheid te bespreek.

Die grens met Botswana is sowat 100 km daarvandaan, wat dié land die aangewese keuse maak vir ontevrede konserwatiewe blankes.

Vroeër die jaar, toe dit duidelik word dat die onafhanklikheidsplan voortgaan, het Van Bosch en een van sy bure by die Botswana-regering aansoek gedoen om daar te gaan bly en te boer.

Net anderkant die grens is die Ghanzi-landboudistrik waar omtrent 60 Afrikaner-families, wat eers in Namibia gewoon het, hulle oor die afgelope dekade gevestig het.

Die mense van die Ghanzi-distrik behou nog noue bande met Namibia en baie van die kinders gaan na Afrikaanse skole op Gobabis, die grootste en naaste Namibiese dorp.

Op Vrydae is motors met Botswana-registrasienommers 'n algemene gesig wanneer ouers hul kinders vir die naweek by die skool kom oplaai, of om inkopies te doen.

"Ons is almal baie gelukkig in Botswana," het Carla Kotze, 'n boervrou van Ghanzi, gesê. "Daar is nie probleme nie. Almal gaan aan met hulle lewens en bly in vrede saam."

Maar Kotze het haar bedenkinge omtrent ander Afrikaners wat Namibia verlaat om in Botswana te gaan woon.

"Ek dink wel dat sommige mense Namibia sal verlaat om in Botswana te kom bly, maar ek dink hulle moet hulle eie probleme oplos. In elk geval, die Botswana-regering sal eers na hulle eie mense kyk voordat hulle grond aan Namibiërs sal gee."

Baie van die mense wat in Gobabis en ander dorpe in Oos-Namibia woon, sê hulle bekyk die kat nog uit die boom en sal nie die gebied tot ná onafhanklikheid verlaat nie - tensy hulle lewenstandaarde afneem.

Karl Roesener, 'n bestuurder van 'n plaastoerustingwinkel op Gobabis, sê hoewel Namibia "baie leeg sal wees" as Swapo oorneem, sal hy nogtans daar bly.

"Waarheen kan ons gaan? Ek het nêrens elders nie. My familie en my besittings is hier," sê hy.

'n Bejaarde eienaar van 'n wapenwinkel op Gobabis, sê hy dink dit is onwaarskynlik dat die blankes na ander lande sal gaan na die verkiesing.

"Al die mense wat aan Botswana en sulke dinge dink, het moontlik al jare gelede hul tasse gepak en moes tóé al weg gegaan het," sê hy. - AFP

# Reuse dennebolle en snaakse tamaties by Chernobyl

Myriam Chaplain-Riou

CHERNOBYL, Sowjet-Unie - Radio-aktiewe bestraling wat in 1986 deur die kernkragramp vrygelaat is, het tot eienaardige vervormings van die plaaslike plantegroei gelei. Dit bied aan wetenskaplikes 'n unieke geleentheid om genetiese eksperimente te doen.

Toe reaktor nommer vier by die Chernobyl-kragsentrale op 26 April ontplof het, is die lug vir 'n radius van 30 km met 'n dodelike dik stofwolk gevul. Die inwoners moes hulle huise ontruim.

Volgens berigte is daar nou, drie jaar later, dennebome met reusagtige bolle en vervormde tamaties met eienaardige vorms.

By 'n eksperimentele kweekhuis in Pripiat, 8 kilometer van Chernobyl, doen 'n groep wetenskaplikes onder leiding van Prof Nikolai Arkipov eksperimente om vas te stel hoe die plantorganismes op die radio-aktiewe bestraling reageer.

"Ons wil weet hoe plante kernliggaampies uit die grond opneem," sê Arkipov.

Dit wil voorkom of die plante die radio-aktiwiteit letterlik uit die grond opsuig, en die wetenskaplikes dink nou daaraan om die grond te "ontsmet" deur plante rondom die kernsentrale te plant.

Plante reageer nie almal dieselfde op radio-aktiwiteit nie. Dennebome is sensitiewe plante en gaan dood as hulle meer as 600 rems bestraling kry, maar berkebome kan meer as 10 000 rems weerstaan en dit neem meer as 30 000 rems om tamaties te laat vrek.

Deur die groei van rose, aronskelke, framboosbosse, vlas- en naaldbome binne en buite die kweekhuis te vergelyk, kan hulle inligting oor genetiese vervorming bekom.

"Dit is 'n langtermynprojek. Sommige van die vervormings is sigbaar, ander gebeur in die selle en kan eers in die sesde of sewende generasie ontdek word," sê Arkipov.

Hy sê dit is nog nie duidelik wat se vrugte of groente die beste sal wees om te plant indien 'n kernramp weer gebeur nie. Maar hulle het voergewasse gekweek wat eetbaar is, en die kweek van aartappels en komkommers "is baie suksesvol".

Teen 'n muur in die laboratorium hang 'n kaart wat die graad van besmetting in die gebied rondom Chernobyl aandui.

In die buitekanste blou sirkel kan oeste nog geëet word. In die middelste oranje sirkel is die lugbesoedel, maar voedsel wat onder glas gekweek word, kan wel geëet word.

Dit sal egter nog dekades neem om eetbare groente te kweek in die binneste rooi sirkel - wat oor 'n radius van 10 km rondom die reaktor strek.

In die kweekhuis is daar egter geen vervormde plante nie, maar volgens berigte is daar bome met blare so groot soos tafelblaaie en reusagtige grassoorte. Dit is egter nie moontlik om uit te gaan en vas te stel of dit wel so is nie. - AFP

# Wat wil jy van Vrye Weekblad hê?

**VRYE WEEKBLAD is nou al amper sewe maande oud. Dit het tyd geword om ons lesers te raadpleeg oor hoe hulle wil hê die koerant moet lyk.**

Ons kan dit net regkry as jy die onderstaande vrae invul en aan ons terugstuur. Ons weet dit is 'n bietjie moeite, maar vir ons is dit baie belangrik om te weet waarvan jy hou en waarvan nie, en waar ons dalk te kort skiet.

Ons het soveel moontlik van die ingevulde vraelyste nodig om van Vrye Weekblad 'n beter koerant te maak. Maak afskrifte en gee dit aan jou vriende of ander lede van die gesin.

Die vraelys kan anoniem teruggestuur word - ons benodig nie jou naam nie, maar jou menings. Jy hoef nie 'n posseël op die koevert te plak nie. Ons het met die poskantoor gereël dat ons daarvoor betaal, maar dan moet jy dit stuur aan:

VRYE WEEKBLAD
VRYPOS JH 2297
NEWTOWN
2113

Tensy anders gespesifiseer, merk asseblief jou antwoord met 'n sirkel.

## JY EN VRYE WEEKBLAD

**1. Hoe gereeld lees jy Vrye Weekblad?**
- Elke week
- Amper elke week
- Af en toe

**2. Hoe bekom jy Vrye Weekblad?**
- Posintekenaar
- Koop dit
- Lees iemand anders s'n

**3. Wanneer het jy Vrye Weekblad begin lees?**
- Vanaf die eerste uitgawe
- Die afgelope 2-3 maande
- Die afgelope maand

**4. Hoe lank lees jy aan Vrye Weekblad?**
- 'n Half uur
- 'n Uur
- Twee uur
- Meer as twee uur

**5. Hoeveel mense, jouself ingesluit, lees jou kopie van Vrye Weekblad?**
(Vul in die aantal) .............

## WAT DINK JY VAN VRYE WEEKBLAD

**6. In vergelyking met die eerste uitgawes, dink jy Vrye Weekblad is nou:**
- Beter
- Omtrent dieselfde
- Swakker

**7. Waarvan hou jy die meeste van Vrye Weekblad?**

.............................................
.............................................
.............................................

**8. Waarvan hou jy die minste van Vrye Weekblad?**

.............................................
.............................................
.............................................

**9. Watter onderwerp sou jy graag ingesluit wou sien in Vrye Weekblad?**

.............................................
.............................................
.............................................

**10. Watter deel van die Vrye Weekblad lees jy gewoonlik eerste?**

.............................................

**11. Op watter dag lees jy Vrye Weekblad?**
- Vrydag
- Saterdag
- Sondag
- Maandag of later

**12. Watter soort beriggewing verkies jy?**
- Harde nuus
- Agtergrond/Vertolkend

**13. Is Vrye Weekblad maklik bekombaar in jou omgewing?**
- Ja
- Nee

**14. Dink jy Vrye Weekblad is:**
- Te konserwatief
- Te links
- Te radikaal
- Net reg

**15. Dink jy Vrye Weekblad help Afrikaners om hul beter voor te berei op die toekoms?**
- Ja
- Nee
- Weet nie

**16. Trek asseblief 'n sirkel onder elke vraag om aan te dui of jy die afdeling altyd (a), soms (s) of nooit (n) lees:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nuusblaaie | a | s | n |
| Meningsartikels | a | s | n |
| Middelbladsy-fokus | a | s | n |
| Sport | a | s | n |
| Musiek | a | s | n |
| Film | a | s | n |
| TV | a | s | n |
| Teater | a | s | n |
| Kuns | a | s | n |
| Onderhoude | a | s | n |
| Profiele | a | s | n |

**17. Doen asseblief dieselfde vir ons gereelde rubrieke en blaaie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die week in die nuus | a | s | n |
| Redaksioneel | a | s | n |
| Briewe | a | s | n |
| Brolloks | a | s | n |
| Egbertus Klaagvoort: Hoe rym dit dan | a | s | n |
| Theo Heffer - Arbeidsrubriek | a | s | n |
| Lospraatjies | a | s | n |
| Makliker gesê | a | s | n |
| Haakvas | a | s | n |
| Boekeblad | a | s | n |
| Ete en drinke | a | s | n |
| Afrika en internasionaal | a | s | n |

**18. Watter soort artikels/onderwerpe behoort na jou mening meer aandag te geniet?**
- Natuurbewaring en ekologie
- Ekonomie
- Politieke debatte oor die toekoms
- Buurstate
- Humor
- Ander (spesifiseer)

.............................................

**19. Maak jy gebruik van die vermaaklikheidsgidse in VryDag?**
- Gereeld
- Soms
- Nooit

**20. Watter sportsoorte wil jy in Vrye Weekblad gedek sien?**
- Rugby
- Sokker
- Tennis
- Boks
- Gholf
- Atletiek
- Marathons
- Ander (spesifiseer)

.............................................

**21. Stel jy in sportpolitiek belang?**
- Ja
- Nee

**22. Stel jy in Sacos-sport belang?**
- Ja
- Nee

## OMTRENT JOUSELF

**23. Is jy**
- Manlik
- Vroulik

**24. Hoe oud is jy?**
- Jonger as 16
- 16 - 19
- 20 - 29
- 30 - 39
- 40 - 49
- 50 - 59
- 60 of ouer

**25. Huwelikstatus**
- Getroud
- Bly saam
- Enkel

**26. Hoeveel mense, jouself ingesluit, is in die huisgesin**

.............................................

**27. Huistaal**
- Afrikaans
- Engels
- Ander

**28. Waar woon jy?**
- Stad
- Dorp
- Plaas

## JOU BEROEP

**29. Is jy 'n**
- Werknemer
- Huisvrou
- Student
- Skolier
- Werk vir jouself?

**30. Verdienste per maand**
- Minder as R1000
- R1000 - R1999
- R2000 - R2999
- R3000 - R3999
- R4000 - R4999
- R5000 - R5999
- R6000 of meer

**31. Jou hoogste akademiese kwalifikasie**
- Matriek
- Diploma
- Universiteitsgraad
- Na-graadse studies

**32. Indien Vrye Weekblad aandele aan sy lesers beskikbaar stel, sal jy belang stel om daarvan te bekom.**
- Ja
- Nee

## JOU LEESGEWOONTES

**33. Lees jy gereeld 'n dagblad.**
- Ja
- Nee

**34. Watter dagblad lees jy die gereeldste?**

.............................................

**35. Watter Sondagkoerant/e lees jy?**

.............................................
.............................................

**36. Watter van die volgende publikasies lees jy gereeld?**
- De Kat
- Insig
- Die Suid-Afrikaan
- Weekly Mail
- Huisgenoot
- New Nation
- South


**HOE WERK DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS?**

Vir die leek en die akademikus. Hier is 'n boek wat lig werp op die geheime van die effektebeurs.

**McGREGORS**
**THE MECHANICS OF THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE**

**Onder redaksie van Robin McGregor**

Vir 'n getekende kopie deur Robin McGregor van dié onlangs-gepubliseerde boek teen die redelike prys van R46 (AVB en posgeld ingesluit), vul asseblief die onderstaande vorm in en stuur dit tesame met 'n tjek of posorder aan:


**Purdey Publishing (Edms) Bpk**
**Posbus 786015**
**SANDTON**
**2146**



**P C 2 0 0 0**

**Lumaasa Court 5**
**Mainstraat 14**
**Melville**

| * 10 MHZ XT | * 12 MHZ AT |
|---|---|
| **R2 645,00** | **R3 800,00** |
| 101 Sleutelbord | 101 Sleutelbord |
| 640k RAM | 640 RAM |
| 360k Slapskyf | 1,2 MEG Slapskyf |
| 12" Dubbelfrekwensie | Multi 1/0 Kaart |
| Skerm CGA & Hercules | 14" Dubbelfrekwensie |
| 20 MB Seagate | MONITOR |
| Hardeskyf | 20 MB Seagate |
| 1 Parallelpoort | Hardeskyf |
| 8 Uitbreiding | Intydse Horlosie |
| | Serlepoort |
| | Parallelpoort |
| | 8 Uitbreidings |



**KOM SIEN ONS TERWYL DAAR NOG VOORRADE IS**
**(011) 726 5885/ 5919**
**Praat met Paul, Boet of Arrie**


**Vrye Weekblad se telefoonnommer verander binnekort na (011) 836-2151**

# Terug in die staat van piesangs, en stilte

**PATRICK BULGER is 'n senior Suid-Afrikaanse joernalis wat pas ná 'n jaar in Brasilië na Suid-Afrika teruggekeer het. Hy het sy notaboek op Vlug SA 206 saamgevat.**



DAAR is 'n gevoel van feestelikheid aan boord Vlug SA 206 van die Suid-Afrikaanse Lugdiens vanaf Rio de Janeiro, Brasilië, na Johannesburg, Republiek van Suid-Afrika. Daar is nie 'n enkele bedrukte gesig nie, net rye mense wat lyk asof hulle in hul noppies is om na Suid-Afrika terug te keer. 'n Mens se huis is seker sy huis - maar kan ons bestemming werklik die Nommer Een Internasionale Muishondstaat wees?

Die gelukkigheid lyk nou wel eg, maar die sinikus sal seker oplet dat die vonkelwyn wat voor die vlug bedien is, op is, en wonder wat die verhouding tussen 'n Suid-Afrikaner se tevredenheid en die vlak van sy bottel is.

"Dis als op, my vriend," verklaar die man met die groot Boksburg-rooi das. Sy aksent is grof; al die gladheid is deur baie brandewyn en geroosterde sigarette daarmee heen - én die stof van die harde, droë suide, stel 'n mens jou voor.

Ná 'n jaar in Brasilië, 'n jaar van melodieuse Portugees, is al wat ek hoor plat Engels en Afrikaans en dit laat my dink aan kraters op die maan en nóg stof. Brasilië is agter my - niks meer Latynse angs en polisiemanne met donker oë nie.

Die kontras. Vir 'n wit Suid-Afrikaner woon ons in een van die vryste lande in die wêreld, en vryheid begin die oomblik wanneer jy jou voet op die oranje tapyt in 'n Boeing met die naam Hantam sit.

Maar ek dink ons het meer gemeen met die derde wêreldse Brasilië as net die feit dat ons albei piesangs kweek.

'n Kort pouse vergun my om mede Suid-Afrikaners na hul jaar lange afwesigheid uit my lewe te ontmoet. Daar is 'n bestuurskonsultant van Sandton met die "tweedlook"; daar is 'n Chappies-kougomverteenwoordiger wat terugkeer na 'n spysenieringskonferensie in Rio (dit het iets te doen met die ontwikkeling van 'n verbeterde piesanggegeurde kougom); daar is 'n Jood wat Brasilië toe is om sy seun te help om 'n boereworsfabriek te begin; en 'n Argentyn met 'n plastiekleerbaadjie en sonbrille wat as komediant in Windhoek werk. Laasgenoemde mompel die hele vlug lank saggies: "paises tropicals" - tropiese lande - 'n herinnering dat ons eintlik maar net sewe ure lank van een streek waar piesangs groei na 'n ander vlieg.

Niks kan dié mense se opgewondenheid om huis toe te gaan, demp nie. As dit nie was vir die veiligheidsmaatreëls wat nou aangekondig word nie, sou almal nog op en af in hulle stoele gespring het. Maar om instruksies te kry oor hoe om van 29 000 voet af in die koue Atlantiese oseaan te spring en dit te oorleef, is 'n ernstige saak - veral vir 'n Suid-Afrikaner.

Tog lewe die Suid-Afrikaner in moeilike en gevaarlike tye. Stel jouself hom of haar oorsee voor - niks beter as 'n melaatse in sommige gevalle nie, die uitgewekene wat sleg gesê word deur die laagste van lae immigrasieklerke. Luister wat sê die uitlanders van ons. Ons moet nooit vertrou word nie - moenie eers praat van om van gehou te word nie. Ons is stroef en sonder 'n intelligente sin vir humor. Ons kan net praat oor Suid-Afrika. Ons is dekadent en baie ryk.

En dan het hulle ons nog nie eens rassiste genoem nie. Maar dit word deesdae as vanselfsprekend aanvaar. Rassisme? - ek het gehoor hoe iemand sê "die Suid-Afrikaners het die boek geskryf".

Ons vliegtuig verlaat die Brasiliaanse kus. Die vlugkelners kom klingelend met die gangetjie af. Daar is 'n oomblik wat raak aan goddelikheid toe my mede-passasiers hulle eerste Castle drink - dit word geniet en tog vinnig afgesluk. Toe eet ons, stil en ernstig - kos is mos ook byna bo aan die lys van Suid-Afrikaanse afgode.

Ek kyk rond. Ná Suid-Amerika - 'n kontinent van lesers van komiese verhale - lyk my medeburgers ontsettend verfynd terwyl hulle die of daai artikel ernstig lees. So, die verkramptese lees tog - dus is alles nie verlore nie.

Miskien is ons net selfvoldaan - vasgevang in 'n tydsprong van Afrika wat ons nie kan verstaan nie. 'n Blik op die hoofopskifte van die koerante neig om dit te bewys: Beeld se hoofartikel handel steeds oor Krygkor, maar dit is die Citizen wat ons gun om agter die deure van suburbia in Suid-Afrika te loer - ten minste een opskrif kry dit reg om twee biername te bevat en 'n ander handel oor 'n aktrise wat aan 'n landdros gesê het: "Ek rook nie dagga nie - ek eet dit."

Business Day het 'n van-die-os-op-die-jas berig oor die moord op David Webster... wag... ek kan die inligting nie glo nie. Dit gebeur oral in die wêreld - veral in lande soos Brasilië en Uganda - ek kan nie help om geskok te wees nie. Ek leun oor na 'n passasier aan die ander kant van die gangetjie.

"Het jy dit gesien?" vra ek, en hy haal sy skouers op. Dit is op dié oomblik dat ek die eerste gevoel van onrustigheid ervaar, van vrees om na my geboorteland terug te keer. Waar 'n mens vir woede soek, vind jy net tevredenheid.

Iemand anders is buite, besig om in die vroeë oggend die vuil werk te doen en die partytjie hou net aan en aan en aan. Onskuld is hemels!

Selfs toe ek Tafelberg vir die eerste keer sien, is dit nie genoeg om my onrustigheid te laat bedaar nie. Die draai van die maag. Die vrees.

Gelukkig laat vlugkelner Van der Spuy my toe om 'n paar minute in die stuurkajuit deur te bring. Die navigator - ek kan my voorstel hoe hy sy grasperk in Kemptonpark sny en sonder enige kwade gevoelens met sy bediende praat - verduidelik hoe windspoed en koördinate werk. Hulle is besige mense, maar die vlieënier knik tog sy kop uit waardering vir my belangstelling en die navigator gee intelligente antwoorde op my vrae.

Ek is trots op my landgenote, trots dat hulle so vol selfvertroue is en waardering het vir die tegnologie wat ons nie meer kan kry nie.

Jan Smuts-lughawe. Die vaal gras van die winter op die Hoëveld, en skielik die gedemptheid. Aan die een kant staan 'n paar blanke polisiemanne, 'n paar meter verder staan 'n paar swartes in blou oorpakke in 'n groepie.

Moenie vir samesweerders soek nie, moenie senuagtig wees nie. Maar hoekom is daar hierdie aparte groepe, hoekom praat mense so saggies, hoekom is daar hierdie helse, onrusbarende stilte?

Omdat ek byna 'n jaar in Brasilië, een van die grootste en lawaaierigste lande ter wêreld, deurgebring het. Ek is bewus dat ons miskien stiller is as die spraaksame Brasiliane. Maar ek wil graag met iemand gesels.

Op die aanloopbaan begin ek gesels met 'n tipies plattelandse tannie, behalwe dat sy van Chile af kom en net Spaans praat. Saam met haar is haar seun, 'n jongerige man in 'n bruin pak wat hier is om by die Suid-Afrikaanse Lugmag aan te sluit. Die ma praat met 'n hakkelrige Castilleaanse sterntoon oor hulle bestemming, Ellisras - sy sê dit is 'n mistieke woord, vol hoop en belofte van 'n nuwe land. Toe ek haar seun vra wat hy vlieg, wys hy na 'n wapen van 'n Amerikaanse Tigervegvliegtuig op sy bors. Ek wens hulle alles van die beste toe.

Die aankomssaal laat my dink aan die uitdrukking "stil soos 'n graf". Ek probeer eksperimenteer - ek maak asof ek nog in Brasilië is, asof ek 'n Brasilianer is. Ek groet almal en begin spontaan geselsies aanknoop.

Ek is vriendelik met die doeanebeampte, maar ek kan sien dat my opgeruimdheid hom senuagtig maak. Hy beduie dat ek maar kan deurgaan.

Ek ruil dollars by die bank. Voor my in die tou staan twee swartmans wat kleingeld soek vir ons groot, inflasie-gekoude note. Ek praat met die kassier oor die ruilkoers en ek besef - en nie die eerste keer nie - hoe bekommerd mense is oor die toestand van die ekonomie en dalende waarde van die Rand.

Sal ons op die Brasiliaanse manier inflasie moet bekamp? Al wat mens doen, is om elke ander jaar 'n paar nulle aan die einde af te kap. Dit werk soos 'n bom.

Boontoe om my eerste bier op tuisgrond te drink. 'n Paar swartmense sit om 'n tafel en gesels lekker hard, en ek wens ek kon Sotho praat. Die kelner is 'n Indiër, Joseph, en voor ek nog Hare Krishna kon sê, staan my bier op die tafel. Partykeer is dit tog nog 'n doeltreffende land.

Uit die hoek van my oog sien ek twee tangerige kêrels - ek weet hulle is tange deur na hulle jeans en tekkies en effense olierige hare en witterige binnenshuise voorkoms te kyk. Ek vra hulle wat hulle doen. "Ag, ons praat maar kak en kyk na die vliegtuie." Hulle word minder senuagtig en ons praat oor Namibia... "nog nie, my vriend, dis nog Suidwes." Hulle sê Suid-Afrika is besig om dinge op te foeter in Namibia. Die een sê hy het gehoor Pik sê as daar te veel moeilikheid is, sal ons net teruggaan en dinge skoonmaak. Net so, sê hy, en hy klik sy vingers asof hy 'n lastige vlieg weg jaag. Die tydsprong.

Later, by die kleedkamer. Die swart opsiener is duidelik verbaas toe ek hom groet. Hy is werklik senuagtig. Sy naam is mnr Meso en hy is 'n prediker van die Sionistekerk.

Hy noem sy kerk se naam en toe, asof hy seker is 'n wit man sal nie die naam van die kerk ken nie, maak hy asof hy 'n kleed aantrek en sê "ons is die blou en wittes".

Vandag dra hy 'n groen oorpak en hy hou aan om rond te kyk of iemand ons nie sien nie. Hy sê dit eerste: "Niemand praat met mekaar in die land nie."

My samba in Jan Smuts kom tot 'n einde. Ek groet mej Avis, mej Budget, mej Imperial. Ek praat met 'n polisieman by die deur. Hy is so jonk ek wonder of hy nie net vir die dag instaan vir sy pa nie. Hy is van Duitse afkoms.

Ek vra hom of hy al ooit sy geweer moes gebruik. Hy antwoord: "Ons het die goed nodig, laasweek is een van ons in die parkeergebied geskiet."

Dinge is maar net soos altyd in Suid-Afrika - die stilte van te min kommunikasie, die gewere en die skietery - en die hoekige, gepoleerde, ongeskeerde, dikwels oorgewig, meestal verwilderde Suid-Afrikaners wat met min geesdrif en baie kommer deur sy werk en lewe gaan.

En sy toekoms?

## 'Vryheid begin die oomblik wanneer jy jou voet op die oranje tapyt in 'n Boeing met die naam Hantam sit'

Vrye Weekblad

# Red ons ekonomie!

NYWERAAR of arbeider; entrepreneur of klerk; dokter of sekretaresse - alle Suid-Afrikaners is besig om vinnig baie armer te word.

Ons ekonomie was weliswaar lank laas in 'n gesonde toestand, maar die laaste paar maande en weke het dit ingrypend versleg. Dis nie net werkers wat hul vleisverbruik moet inkort nie, nou is dit die middelklas-gesin se vakansie wat ingeboet word. En al meer kinders wat honger gaan slaap.

Erger nog: duisende Suid-Afrikaners, wit en swart, is besig om só agter te raak met hul paaiemente dat hulle binnekort hul huise gaan verloor.

Boonop is die prys van goud - die één pilaar waarop die ekonomie gebou is - aan die gly. Dit gaan ons nóg armer maak en nog tienduisende mense werkloos laat.

Ons geld word by die dag minder werd.

Ons inflasiekoers staan op die punt om die sielkundige weghol-peil te bereik.

Petrol is besig om 'n luukse-artikel te word, en 'n mandjie kruidenierswaremaak 'n ernstige duik in jou bankbalans.

En terwyl die gewone burger die rieme ál fyner moet sny, stap die PW Bothas, Chris Heunisse, Pietie du Plessis', Danie Steyns, Greyling Wentzels en ander Nasionale "fat cats" weg met miljoene as goue handdrukke.

'n Mens hoef nie 'n ekonoom te wees om te weet wat die belangrikste oorsake van dié ernstige krisis in ons ekonomie is nie: die koste van apartheid; kolossale staatsbesteding en wanbestuur; korrupsie; weermagbesteding; swak beleggersvertroue weens die politieke onstabiliteit; sanksies en disinvestering.

Met Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in sy buurstate nou op 'n end en die oorlog in Namibia ook iets van die verlede, is daar een maklike manier om die ekonomie 'n sterk inspuiting te gee: besnoei die verdedigingsbegroting met meer as die helfte en bestee al dié miljoene rande meer produktief, en wend die duisende jong seuns wat elke jaar diensplig moet doen ekonomies aktief aan.

'n Afname in die verdedigingsbegroting sal 'n ander welkome gevolg hê: ons gemeenskap sal geleidelik gedemilitariseer word. Besluite sal weer deur die Parlement en plaaslike besture pleks van die Staatsveiligheidsraad en sy Gesamentlike Bestuurskomitees geneem word.

En talle jong Suid-Afrikaners sal nie meer die land hoef te verlaat of in die tronk te gaan sit omdat hulle nie bereid is om diensplig te doen nie.

Suid-Afrikaners het die reg om in die middel van 1989 aan die regering te sê: Julle ideologie, magsug en hebsug het ons gebring waar ons nou is.

Dit is Suid-Afrika se kinders wat die wrange vrugte gaan pluk as julle nie nóú tot jul sinne kom nie.

## So sê hulle . . .

"Wanneer jy oortuig is en standpunt ingeneem het (oor die politiek), moet jy dié boodskap begin verkondig. Praat met jou man, jou kinders en jou huishulp." - Marike de Klerk.

"Ek kan nie die praktiese probleme vir gekleurdes in blanke skole, die uitwerking van gekleurde kinders op die blanke kinders, die ouers en die gemeenskap ignoreer nie." - Minister Piet Clase oor sy weiering om skole oop te stel.

"Die AWB sal nie swig voor die gifpenne van die pers nie. Ons is saam met die blanke Christene van Suid-Afrika op mars na 'n derde republiek." - Eugene Terre'-Blanche.

"Daar is geen ineenstorting van die orde en reg in die Groter Pietermaritzburg-gebied nie." - Minister Adriaan Vlok.

"Hoekom gebruik sielkundiges altyd ander woorde vir gewone woorde?" - Regter Louis Harms in die Strydom-verhoor.

"Ons is baie dankbaar vir die steun wat ons kry." - Wit Wolf Barend Strydom se stiefma, Daphne.

"Ek dink nie ek sal ooit grootword nie." - Michelle Bruce, nuwe Mej Suid-Afrika.

"Jy weet hoe die swartman is. Hy praat nie met jou nie. Dis in sy tradisie." - Maj Johan Fouché, SAP-skakelofisier op Welkom.




# 'n Vierde veldslag?

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

**Mauritz Moolman van Troyeville skryf:**

As 'n boorling van Bloem stem ek saam met André Zaaiman se idee van 'n Afrikaanse Congress Movement (VWB 28/4/89), maar as 'n inwoner van Suid-Afrika se gevaarlikste woonbuurt (vir dié met 'n "aktivistiese" streep in elk geval) verskil ek erg.

Terloops, ek sien FW staan nie weer vir onse parlemint nie. Beteken dit hy het nou sy aktivisme afgesweer of net uitgesweet? Ons wyk af.

Vanuit Troyeville lyk André se Afrikaanse Movement vir my na 'n nuwe Afrikaanse veelrassige Taalbeweging, 'n stryd waarin die eerste veldslag in 1910, die tweede deur Hendrik die veldheer van apartheid Verwoerd en die derde in 1976 in die South Western Townships verloor is.

Daar is nie 'n vierde nie - maar hopelik kan Vrye Weekblad en ander Voëlvryes tog iets regkry. Maar dis 'n groot maybe.

Die kwessie is of daar sin in 'n Xhosa, Zoeloe, Tswana, Portugese, Afrikaanse (ens.) Congress Movement is. In Bloem, op Potch en op Valhalla miskien. Maar nie waar ek bly nie. Hier is Afrikaner-"aktiviste" en dissidente meestal uitgeboender (probeer weer adverteer in Beeld) en lankal Ingels.

## Vet in die ore

**Ek, Anna van Wyk van Westdene skryf:**

Ek staan die ander dag in die tou by die supermark. Dit was nogal besig en daar was baie mense. Toe die vrou net voor my moes betaal, val die gemaksugtigheid van Suid-Afrikaners my weer op.

Die tou is lank en almal is haastig, maar die vrou sal om die dood nie self haar kruidenierswareinpak nie. Die kassiere moet dit doen. Toe betaal sy nog met 'n plastiekkaart ook en almal weet hoe lank dit neem.

Suid-Afrika is seker een van die min lande in die wêreld waar sulke dinge nog vir 'n mens gedoen word. Dink maar aan vulstasies in Brittanje. Dit maak nie saak hoe koud dit is en of dit sneeu nie, jy moet self brandstof ingooi en gaan betaal by die kassier wat in 'n warm hokkie sit.

Nie hier nie. Hier blaas jy op jou toeter in die middernagtelike ure en raak ongeduldig as die joggie nie dadelik reageer nie.

Ek weet daar is dié wat sal sê dat die werkies werk verskaf aan mense wat dit andersins nie sou hê nie, maar dit gee jou nog nie die reg om ongeduldig of onvriendelik teenoor hulle op te tree nie. Wat het geword van welwillendheid?

Of is ons verslaaf aan alles wat maklik en gemaksugtig is? Het die vet van ons land en die melk en heunig ook in ons ore kom sit om nie die nooduitroep van ons mede Suid-Afrikaners te hoor nie, en dan nog soveel so dat ons vergeet het om vir 'n vreemdeling, wat vir ons 'n diens doen, te glimlag.

Maar gepraat van vet in die ore. Die ander middag luister ek na Afrikaanse Treffers op Radio Suid-Afrika en later na Debuut op TV1.

Al die liedjies se lirieke handel net oor blomme en die diep blou see en ek en jy wat eendag gaan trou. Alles is net só mooi, só blink, dit herinner sterk aan mense wat leef in ivoortorings en groot huise, groot grasperke en blink motors en baie hoë mure en dit strek van Boksburg tot Belville.

Dit lyk vir my ek en Johan Stemmet en kie bly nie in dieselfde Suid-Afrika nie.

En dit maak my mal. Ja, ek weet die liefde is mooi en ons land ook, baie. Maar is dit al wat daar is om oor te sing? Miskien weet die mannetjies in hulle vaal pakkies by die SAUK nie dat dit nie so goed gaan met ons almal nie, dat ons almal nie die hele tyd verlief is nie.

En die manier waarop dit aangebied word. So styf en formeel. Wat het geword van spontaniteit?

Daar is 'n tyd vir rus en 'n tyd vir werk...

Het die tyd vir werk maak van spontane welwillendheid nie lankal vir ons aangebreek nie?

## 'n Guns aan die mensdom

**Anti-Skuim van Berea skryf:**

Gedurende die Paasnaweek het ek en drie vriende (een 'n aids-lyer met ernstige Kaposi sarkoom) langs die Sabie-rivier gaan uitkamp.

Ons "bure" was die Gypsy Jokers - 'n motorfietsbende van Benoni. Buiten hul oorverdowende musiek, aangedryf deur 'n kragopwekker en die ewige ge-"rev" van hul masjiene, het hulle die res van die kampeerterrein in vrede gelaat. Deur die naweek heen het 'n paar so dronk-dronk by ons kampplek ingeval, maar ons geensins gemolesteer nie.

Sondagmiddag was daar egter een "heavy" wat aanhoudend "mense" gesien het wat hom stamp en dan weghardloop, terwyl hy eintlik van dronkenskap gestruikel het. Ook het hy nooit die houtpaal gelos waarmee hy rondgeloop het nie en boonop elke nou en dan ons groot vleismes opgetel en liefderyk daaroor gestreel.

Laatnag het hy en van sy vriende weer by ons opgedaag, ons musiek kliphard gespeel en ons uit die slaap gehou. Dis toe ook waar die "sports" begin het.

Hy het allerhande vrae begin vra oor ons vriend (wat reeds geslaap het) en sy teorieë oor aids het my laat sidder. Volgens hom het aids sy oorsprong in Afrika: 'n Swartman het gemeenskap gehad met 'n blouaap...

Toe ek van hom wou verskil, het hy my met sy bloedbelope oë aangekyk en gesê: "I believe what I want to believe." Ek het hom gewys op die verskillende simptome van aids, waarvoor hy ook sy eie teorieë gehad het.

Omtrent 'n uur daarna het ek iemand om die tente gehoor en gesien hy was besig om die tentpenne uit te ruk. Ek wou ewe onskuldig weet of hy oor die tentpenne geval het. Hy het soos 'n blasende bul rondgeloop en ek wou weet of hy wil hê ons moet vertrek. "Ja, en vat jou maatjie hier weg - ek word sommer naar!" het hy gesê.

Ek het aan hom verduidelik dat ons nie weet hoe lank my vriend nog gaan leef nie en dat ons hom net 'n lekker tydjie wou gee. Hy het net gesê dis jammer dat ons die 'spot' uitgesoek het, en ons moet waai.

Ons moes maar ewe gedweë oppak en die kamp verlaat.

Dit is die agtergrond.

Het so 'n mens bestaansreg? En sy 'cronies' - met rewolwers en knuppels op hulle heupe as hulle gaan inkopies doen? Hoekom - 'n kollektiewe dapperheidsgevoel; machismo gone horribly wrong? Is hulle dan "manne?" Stem hulle almal KP - AWB?

In elk geval, die gode slaap nie, en twee naweke gelede is die walglike man op Leslie by nog 'n motorfietssaamtrek deur 'n oudrecce met 'n mes doodgesteek.

Humanity was done a favour.

(Brief verkort en lasterlikhede uitgehaal)


Nog briewe op bladsy 18

# As jy hulle nie kan oorreed nie, verwar hulle . . .

EN daar val die jongste "dramatiese deurbraak vir die Nasionale Party se onderhandeling met gematigde swart leiers" toe ook plat met Tom Boya van die United Municipalities (UMSA) se distansiëring van die nuutgestigte Nasionale Forum.

Dit het Brolloks laat dink aan al die kere wat Chris Heunis met groot gebaar te vertelle gehad het met hoeveel "verteenwoordigende" swart leiers hy al gepraat het, en daar nooit iets van gekom het nie.

* Ten minste het Heunis heelwat welslae gehad met die strategie wat hy van Harry S Truman geërf het: If you can't convince them, confuse them.




## Skoenwaks

Selfs die SpieëlBeeld van Verligtheid is al ge-confuse oor die saak. Dié koerant spreek vandeesweek sy ontevredenheid uit omdat die regering so swak vorder met onderhandeling. Maar, voeg die blad by, dis darem nie net die regering wat sukkel nie - "...vandag nog kan die DP geensins aanspraak maak op goeie betrekkinge met organisasies soos die UDF nie."

Wag nou, kêrels. Dis dan juis oor die DP se gereelde skakeling met die UDF en soms ook die ANC dat julle hulle so aftakel! Of het julle net 'n bietjie vergeet?

Maar die pikantste is dat Beeld dan 'n aanval loods op Boya omdat hy hom onttrek het!

* Miskien is daar 'n makliker oplossing vir die regering: maak 'n paar van julle eie LP's se gesigte swart met skoenwaks en onderhandel sommer met hulle. Meer "geloofwaardige" swart leiers as dit gaan julle nie maklik kry as julle nie jul deuntjie verander nie.



## Blasserige Sam

Of miskien is skoenwaks nie eens nodig nie. Luister na dié storietjie:

Sam de Beer, die kortbroekminister, is in sy eer gekrenk, en die redakteur van 'n voorste saketydskrif se gesig is rooier as gewoonlik. Dit het alles op die vyfjaarlikse dinee wat die politieke korrespondente vir die kabinet gee plaasgevind, hoor Brolloks.

Die redakteur het aan die dieselfde tafel as Sam gesit. Voor Sam was 'n bordjie met sy naam en "LP", wat natuurlik staan vir Lid van die Parlement.

Die redakteur het hom glad nie herken nie, nie geweet waarvoor LP staan nie, en siende dat Sam effe blas is vir hom gevra: "So are you a member of the Labour Party?"

* En dan is daar natuurlik heelwat mense wat dink LP staan vir Ledige Persoon. Dit is bekend dat daar ook dié is wat dink P staan vir iets anders.

## Liegfabriek in die donker

Brolloks verneem dié ATKV-prys vir "goeie gewilde prosa" aan die veel-bekroonde Etienne van Heerden is so half in die donker oorhandig. Die pers was nie welkom nie, nie eens SAUK-TV nie. Daar was glo 'n fotograaf, maar sy kamera se flits was stukkend.

Die partytjie is toe gehou deur die ATKV se hoofbestuurslede en hul gades (ATKV-mense hét nog "gades"), drie van die beoordelaars, 'n verteenwoordiger van Sensal (wat die prys administreer) en die wenner en sy vrou.

* Is die prys dalk in die donker oorhandig omdat Van Heerden verlede jaar - toe hy ook die prys gekry het - 'n toespraak oor die noodtoestand gemaak het?

Of het dit te doen met Meyerton se Waaksaamheidskomitee wat, so hoor Brolloks, baie graag Liegfabriek uit ons openbare biblioteke wil hou?

## Soveel boeke, soveel pryse

Miskien was so 'n stemmige aandjie 'n welkome afwisseling vir Van Heerden, wat al sewe skrywerspryse gekry het.

Hy kan spog met die Perskorprys in 1980 (Matoli), Eugene Marais in 1984 (My Kubaan), CNA en ATKV in 1986 (Toorberg), WA Hofmeyer in 1987 (Toorberg) en vanjaar Hertzog (Toorberg) en ATKV (Liegfabriek).

* Hy sou nog die Rapportprys ook kon wen, as dit nie afgeskaf was nadat Die Hemel die verkeerde mense Gehelp het nie.

## Eugene die Misrabele

Brolloks het vandeesweek die Groot Karwats se vergadering op Krugersdorp bygewoon, en wat 'n vervelige, misrabele affêre was dit nie hier in die hartland van AWB-kontrei nie.

Weg is die kleurryke fanfare en gelynde AWB-krygers wat die vergaderings vóór Paardekraal gekenmerk het.

Boonop was die Eeufeessaal maar sowat tweederdes vol. Vroeër was die saal met elke AWB-vergadering stampvol gepak.

* Dit lyk tog of dit waar kan wees dat talle AWB-ondersteuners na ET en Jani se gerinkink uit die beweging padgegee het.



## Nog Barends...

Ontstellend vandeesweek was die baie kinders wat ook by die vergadering was. So skuins voor Brolloks het 'n seuntjie van so sewe, agt jaar saam met sy pa na ET sit en kyk.

Tipies van 'n kind op daardie ouderdom het hy sy pa slaafs nagevolg in alles wat hy gedoen het.

Elke keer as pa opgespring het om Terre'Blanche toe te juig, het jongeling dit ook gedoen en saam gejuig.

Toe pa in 'n stadium skree "Nooit, Nooit!!" nadat Terre'Blanche iets kwytgeraak het oor die Afrikaners wat nooit sal kapituleer nie, het die seuntjie sy pa een kyk gegee en lustig saamgeskree.

* Nog 'n Strydom-in-the-making?

## Fliek saam met Brolloks

Brolloks gee dié week gratis fliekkaartjies weg - en sommer 'n prys boonop.

Die eerste kompetisie is vir die fliek Mississippi Burning, wat gaan oor die Ku Klux Klan se gewelddadige veldtogte teen swartmense in die suide van Amerika. Enige ingeskrewe AWB-lid kan 'n gratis kaartjie kom haal.

Die tweede kompetisie is vir Night of the Pencils, die storie van jeugdiges in Argentinië wat in hul honderde deur die polisie aangehou, gemartel en daarna spoorloos verdwyn het. Alle lede van die polisiemag is geregtig op 'n gratis kaartjie.

* Die kompetisie? In albei gevalle is daar net een vraag wat die fliekgangers moet invul ná die fliek: Wie was die bad guys? Die eerste prys is 'n jaar se intekening op Vrye Weekblad.

## Tant Marie

Brolloks sal nooit weer sy dogtertjie toelaat om 'n Voortrekkerrok aan te trek as sy gaan volkspele doen by die skool nie.

* Die stroewe gesig van Marie van Zyl van die Kappiekommando in haar Voortrekkerrok by die Strydomverhoor in Pretoria verlede week was die finale strooi.

## Skel hom

'n Laaste wysheid van Elbert Hubbard uit Brolloks se boek van aanhalings: "If you can't answer a man's argument, all is not lost; you can still call him vile names."

## Waar is Bittergal?

Soos Brolloks verlede week belowe het, is Bittergal toe in die pad gesteek...


# Is peng ping in Peking?

LIGLOOP burgers, 'n internasionale komplot is om ons aan 't ontvou. 'n Oorverblindery kan jy maar sê, want jare al assosieer ons staatsgreep en burgeroorlog en jagtogte na comrades en ander wild met dawerende lawaai, Tsjaikowski, Sanna, Buffel en mortier.

Maar nie die inscrutable Chinese nie. Met 'n sluheid wat selfs ons geliefde volksleiers sal beny, word die revolusie so stil-stil in die Ooste gepleeg.

Al wat jy hoor is hier en daar 'n ping of 'n peng soos die klokkie op 'n great insrcutable typewriter in the sky wat jou waarsku dat jy die einde van jou reël nader. The end of your rule, peng, dit hou, ping. Selfs die magtigste inscrutable word deur nederigheid gedwing wanneer hy aan sulke petite geluidjies geïdentifiseer word. So lyk die maneuvres:

In Peking<br>
peng en ping.<br>
Peng is king,<br>
ping is kong.<br>
Gou ping-pong;<br>
nou's king kong -<br>
en peng ping?




## Spider Heunis se web

Vrinde, dis nie net in China waar hulle 'n Chinese probleem het nie. Hier het ons ons eie, hoewel nie van dieselfde pedigree as die Real McCoyping nie.

Dr Treurmaere se breintrust het na 'n verpletterende dinkskrum plegtiglik tot die slotsom gekom dat Chinese restaurante wat Chinese bedien, verbied moet word.

Die logika is onomstootlik, soos 'n koei.

Speaking of which, Spider Heunis se grondwetlike web raak by die dag meer kompleks.

Daar sit Sy Onverstaanbaarheid op wag, heimlik vertrouend dat 'n enkele ou swartmensie dalk sal kom aanklop om so die ewige lewe te beërwe.

Nou span die liewe siel nie net spinnerakke nie; hy span ook die wa voor die ossies in. Die jongste gedagte is mos dat die kabinet met swartmense volgestop word.

Julle sien mos hoe vol gate die arme ding raak en ons leer mos ons swartmense al hóé lank om gate te grou en te vul.

Ook hier is die logika wonderbaarlik, luister na Egbertus, profete gaan van heinde en ver hier uitslaan om by die font van sulke wysheid hul lippe te nat. Ons stel nou mense aan om wette te loods en aan die hoof te staan van die uitvoer van wette, met die skepping waarvan ons hulle nie vertrou nie.

Dis die mees uitwaanse demokratiese verskynsel: jou kabinet het nie stemreg nie.

Wie kan meer wil vra?

## Ruiter van Skimmelperdpan

Ewe kompleks raak die swartgevaar/rooigevaar-verkiesingsrefrein.

Geliefde stemvee, die probleem is dit: die hoge siele dineer nou met gewelddadige Marxiste van Rusland, hulle konfereer met gewelddadige Marxiste van Mosambiek, hulle kontrakteer met gewelddadige Marxiste van Namibia, hulle konkel met gewelddadgige Marxiste van Kuba - op welke grondslag gaan hulle die ANC laat aanhou spook?

Soos die Ruiter van Skimmelperdpan maak die stomme Hadrianus, Minister van Vlok-all, nog refleksbewegings oor ontwrigting van die verkiesing. Maar U Edele, dié ou perd is al in 1987 so holrug gery dat selfs Pik Both, unrelated to die bekende digteres, hom nie weer kan regbuig nie. Dan buig 'n mens seker maar die reëls...

Die bekende ruiter, Leon Wessels, het nou die aand vir Moeder so beïndruk met sy Engels. Die knaap het selfs die brilcream-gladde Stoffeldinges, minister van TV, na 'n Cliff Barnes laat lyk.

Geslepenes, waarom kyk Stoffel die kamera nie in die oog nie? Kan dit wees dat hy nie werklik die draaiboek glo nie? Moet sê, dis maar moeilik om te sluk dat Gesamentlike Bestuurstelsel net daar is vir die sosiale welvaart van die volk. Probeer 'n ander een, toe?

## Bypass die waarheid

Egbertus en Miesies Klaagvoort se persoonlike wense vergesel sy edele A Ragsbanjo wanneer hy aansterk na 'n hartbypass. Hoewel die voormalige Koning van Konkel bloot maar 'n groot goudvis in 'n steeds krimpende dammetjie geword het, sal die politieke landskap sonder sy skeppende bydrae maar valerig daar uitsien. (Sê nou maar ons politieke wêreld was uitsluitelik bevolk met sulke opwindende siele soos Madam de Klerk se man en Sy Hoogdrawendheid M Buthelezi?)

Maar beteken dit nou dat met die bypass gedoente ons nooit gaan agterkom watter goëlarytjies in Sy Edele se hart verskuil lê nie? Sidestep die kommissie, bypass die waarheid. Daar word nog vele ropetricks in die mou gevoer.

# Erasmus Smit: predikant saam op 'sondige' Groot Trek

**Joernaal van 'n trek - uit die dagboek van Erasmus Smit**
**Geredigeer deur Gustav Preller, ingelei en versorg deur Merwe Scholtz. Uitgegee deur Tafelberg teen R39,95 plus AVB**

**HELENE DE VILLIERS**

ERASMUS SMIT se oorspronklike dagboek (waarvan die eerste helfte heeltemal verlore gegaan het) is gedurende die Anglo-Boereoorlog vir bewaring begrawe, en die rysmiere het dit verniel.

"Had die rysmiere dit maar totaal opgevreet," sê 'n radikale Afrikaanse predikant vandag, wat voel dat die fetisjistiese en afgodelike verering vir Bloedrivier en Geloftedag wat later in sekere kringe posgevat het, grootliks toe te skryf is aan Erasmus Smit se invloed.

Omstrede soos die predikant van die Voortrekkers in sy lewe was, so omstrede bly sy boek ook.

### Met die hand

Die dagboek is met die hand oorgeskryf deur ds HF Schoon van Ladysmith, en in 1897 gepubliseer. In 1920 publiseer Gustav Preller 'n heruitgawe met kort aantekeninge en 'n klem op die historiese, in Nasionale Pers se reeks: Voortrekkermense.

'n Engelse vertaling is in 1972 deur Struik gepubliseer.

Joernaal van 'n Trek is 'n herpublikasie van Tafelberg vir die Groot Trek-herdenkingsjaar. 'n Literêre figuur is tot redakteur gekies, dié keer nie 'n historikus of 'n geestelike nie.

Prof Merwe Scholtz leun in sy toeligting swaar op 'n proefskrif van dr PS de Jongh oor die lewe van Erasmus Smit, en Preller se aantekeninge.

Selfs vir 'n lekeleser is dit duidelik dat dit vir die nuwe tydperk waarin ons leef, nie toereikend is nie. Hoe kan Mosjoesjoe nog steeds net met Preller se beskrywing as "die opvolger van Marok" beskryf word?

### Breër blik

'n Mens voel dat hier 'n geleentheid verbygegaan is om juis in die Trekjaar 1988 'n breër blik op die Trek te bied deur dit te sien as deel van die groot volksverhuisinge van die vroeë 19e eeu in Suid-Afrika.

Die romanskrywer Elsa Joubert plaas haar Missionaris teen só 'n agtergrond. Onvergeetlik is haar beskrywing van die lang stoet uitgehongerde vlugtelinge wat die sendelinge sien verbytrek. Want die difaqane was 'n tydperk van ongeëwenaarde oorlog en ellende in ons land.

Tsjaka se veldtogte het stam na stam tot niet gemaak. Die vlugtelinge het uitgegolf tot aan die suidpunt van die Xhosa-gebied en ver in Zimbabwe. En die emigrante uit die Kaapkolonie, wat self weer verantwoordelik was vir verdere verhuisings (van byvoorbeeld die Ndebele en die Griekwa) was nie geïsoleerd nie, maar 'n besondere deel van die algemene beroering in die land.

Herhaaldelik beskryf Smit die verwoeste statte waar hulle verbytrek, met hope wit geraamtes. Die lug is vol vrees en gerugte van verraad en dreigende aanvalle. Ná Retief se dood en die aanvalle by Blaauwkrans word swartmense wat rondom die leërs dwaal, maklik as spioene aangekeer vir ondervraging.

### Geskiet

Smit lê 'n nag lank wakker nadat van sulke mense wat wou weghardloop, summier doodgeskiet is: die eerste keer dat hy gesien het hoe swartmense geskiet word.

As vroeëre sendeling van die Londense Sendinggenootskap staan hy nie onverskillig teenoor die inheemse bevolking nie. By die aanhoor van wreedhede deur Silkaats, onthou hy ook die Franse soldate wat hy in 1795 Amsterdam sien binnemarsjeer het.

### Idillies

Sy beskrywing van die stat van Marok is idillies. 'n Bruin jonkman van Beaufort word, omdat hy talent het, gevra om in die kerk voor te lees en te sing: "Hij voldeed mij zeer wel, zijn naam is Jan Bantjes."

En naas die beskrywing van die sterfbed van Gerrit Maritz is daar die laaste gesprekke met twee ter dood veroordeelde swartmense.

Tog is daar 'n skokkende streep van die burgerlike Protestantisme se selftevredenheid in sy dank aan die Voorsienigheid vir die wavragte mielies en pampoene wat ingery word uit verlate landerye - sonder gevoel vir die verdryfdes wat die oes geplant het.

Die "reisende kerk in die woestyn" vereenselwig hom sterk met die nuutgevormde staatsorganisasie, en Smit se voorbidding gaan veral, soos in die Psalms, om die bewaring van die eie stam teenoor "die vijand".

Kortom: dieselfde teenstrydighede wat Suid-Afrikaners vandag nog binne elke volksgroep konfronteer.

Tog skuil daar êrens in die dagboekskrywer iets van die diepgang van die geloof: 'n wil om die tog tussen die bitterste teenstrydighede deur te maak na die uiteindelike Jerusalem, "stad van vrede".

### Toewyding

Hy doen sy werk van gebed, prediking en sielesorg met toewyding. Buite die laer soek hy vir hom 'n eensame plek waar hy in stilte kan gaan bid onder 'n boom of by 'n fontein.

Joernaal van 'n Trek belig nie alleen die uiterlike historiese toestande van die Trekkers met nuwe direktheid nie. Dis ook godsdienskroniek, kerklik sowel as persoonlik.

Geen ander predikant wou met die Trekkers saamreis nie, hulle het die Trek as 'n sondige verset teen die owerheid beskou. Smit moet gedurig worstel om erkenning deur sy "reisende gemeente". Hy word deur baie verwerp vanweë sy moeilike geaardheid en ook omdat hy as sendeling vir die heidene georden was, maar nie as volwaardige predikant nie, 'n onderskeid wat te lank in die NG Kerke voortbestaan het.

### Bekoor

Smit se dagboek is derdens ook 'n outobiografiese geskrif.

Dis die deug van Merwe Scholtz se uitgawe dat hy bekoor geraak het deur die persoonlike styl van die dagboekskrywer wat ondanks alles so "enduit deurgebyt" het. Sy "stilistiese analise" vol mooi aanhalings loop uit op 'n beoordeling van die dagboekskrywer as mens.

En daar lê dit juis: Ondanks die teenstrydighede in Smit se persoonlikheid, sy situasie en uitsprake, is dit sy menslikheid wat dit vir ons na 150 jaar die moeite werd maak om te oordink wat hy geskryf het.

*(Resensie ingrypend verkort)*

# Pelgrimstog in die politiek van liefde

**The Passing Summer - A South African Pilgrimage in the Politics of Love.**
**Deur Michael Cassidy; Hodder en Stoughton, 1989. (Binnekort is die tweede druk beskikbaar by die CNA en Christelike boekwinkels teen R34.95, AVB uitgesluit, en intussen op bestelling teen R35 - AVB, posgeld en 'n groepswerkboekie ingesluit - van Africa Enterprise, Posbus 647, Pietermaritzburg 3200)**

**THEUNS ELOFF**

DIE boek, waarvan die eerste oplaag in Suid-Afrika uitverkoop is voordat dit bekendgestel is (!), is 'n mengsel van 'n persoonlike geskiedenis, 'n analise van die Suid-Afrikaanse situasie en 'n eie (Christelike) siening van waar en hoe die oplossings gevind kan word.

Cassidy, 'n gebore Suid-Afrikaner, is 'n nie-teoloog (en dit tel in die boek se guns) maar hanteer moeilike teologiese sake op 'n uiters bedrewe manier. Die boek lees maklik, byna soos nie-fiksie. In SA bly dit waar: "Reality is stranger than fiction!"

Die skrywer kombineer sy persoonlike ervarings - veral sy stryd om tussen sendinge en sosiale gergtigheid te "kies" - met Suid-Afrikaanse gebeure soos die afkondiging van die noodtoestand (1986) en persoonlike onderhoude (met mense soos Kenneth Kaunda, Louis le Grange en PW Botha).

Veral waardevol, is sy beskrywing van en begrip vir die Afrikaner en sy geskiedenis. Hy doen dit krities en tog simpatiek. Hy probeer verstáán, eerder as veroordeel. Sy doel is om met begrip van die geskiedenis en 'n beskrywing van die huidige krisis, Christelike riglyne vir die soek van 'n oplossing te trek. Hierin steun hy sterk op die feit dat so baie Suid-Afrikaners hulself Christene noem.

Die beginsels wat hy as riglyne stel en die toekomsopsies wat hy bespreek, is egter vir meer as Christene belangrik: sake soos gelykheid, menslike waarde, sonde (boosheid) en versoening raak alle Suid-Afrikaners.

Ander moeilike (soms teologiese) sake wat hy gebalanseerd hanteer, is die Kairos-dokument, burgerlike ongehoorsaamheid, geweld, verantwoordelikheid teenoor die staat, sanksies en kommunisme. In sy politieke analise is sy keuse vir 'n onderhandelde toekoms, deur alle Suid-Afrikaners uitgewerk.

Die skrywer kry dit reg om vir homself 'n integriteit te vestig, juis deur sy eie twyfel, bekommernis en soeke. Daarom glo 'n mens die onderhoude met gemarteldes én die minister van Wet en Orde - en die tragiek van Suid-Afrika word duidelik.

Cassidy slaag daarin om 'n byna piëtistiese besorgdheid vir sending suksesvol te kombineer en rigting te gee met 'n sterk klem op politieke geregtigheid. Versoening en liefde moet byvoorbeeld in strukture, soos 'n konstitusionele skikking, "ingebou" word. En juis daarom is hy geen piëtis nie, maar 'n Christen met sy voete op die aarde.

Die boek straal liefde vir en opregte bekommernis oor die land en al sy mense (ware patriotisme!) uit en is werd om deur alle Suid-Afrikaners gelees te word.

Dit kan inderdaad 'n "pelgrimstog" in die politiek van liefde word vir elkeen wat dit lees. Mag 'n Afrikaanse vertaling vinnig verskyn!

# van rassisme'

**In 1976 het hy Ogun Abibman geskryf, 'n epos oor die Tsjaka-mite wat opgedra is aan die gesneuweldes van Soweto. Onlangs het hy 'n gedigte-siklus geskryf, The Mandela Cycle, gedeeltelik ingegee deur die SA regering se belaglike vergelyking tussen Nelson Mandela en Rudolf Hess.**

**Soyinka se teikens in die kultuurstryd lê breed.**

**Westerse kultuurhelde wat, volgens Soyinka, die Afrika-werklikheid belaster het, is Descartes, Hegel, Hume, Locke, Voltaire, Gobineau en Leo Frobenius - "unabashed theorists of racial superiority and denigrators of African history and being". Jung word aangeval oor sy "racist distortions of the structure of the human psyche" en WB Yeats se gedigte is "dotty excursions into a private never-never land".**

**Soyinka noem Marxisme "'n intellektuele dwaling" (wat egter 'n bietjie vergifnis verdien omdat dit 'n einde voorsien aan menslike uitbuiting).**

**En Afrikane is ook nie sonder skuld nie - Soyinka se kritiek van die "Negritude"-beweging lui: "A tiger doesn't have to proclaim his tigritude - he just pounces."**

**Maar Soyinka hou sy skerpste prosa vir Suid-Afrika en die "desperate last-ditch guardians of the theory of racial superiority".**

**Sy Nobel-toespraak This Past Must Address Its Present is opgedra aan Nelson Mandela. Dis 'n indringende oproep van die Afrika-wêreld en 'n kliniese oopvlekking van die rasse- en teologiese mites in die hart van apartheid.**

**Soyinka sien Suid-Afrika as die laaste institusionele produk van argaïse Euro-Judaïse denke wat rus op die skeiding tussen die afstammelinge van Gam en die seuns van Sem. Soyinka haal die "dark, lethal mythopoeia" van Van Wyk Louw se Raka aan as die vergestalting van dié idee in die letterkunde - "guaranteed to churn up the white cesspools of these primordial fears".**

**Soyinka is dwarsdeur sy loopbaan deur Westerse en Afrika-kritici uit verskeie kampe aangeval omdat hy elitisties, irrelevant en obskuur sou wees.**

**Sy werk is inderdaad veeleisend, en soms esoteries in die subjektiewe bewerking van Afrika- en Christelike mitologie.**

**Maar sy boodskap aan Suid-Afrika is helder: "Let it wither like an aborted fetus of the human family if it persists in smothering the minds and sinews that constitute its authentic being".**

# Staat moet kultuurwerkers ophou teister, sê Cosaw

DIE staat moet ophou om progressiewe kultuurwerkers te teister, eis die Congress of South African Writers (Cosaw) in een van die resolusies wat by hul algemene jaarvergadering aanvaar is.

Die vrylating van Mandela, soldate uit die townships en skole, SA se onttrekking uit Namibia, 'n verwerping van alle vorme van sensuur en die afskaffing van die doodstraf en artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, kom onder meer ter sprake in die twaalf resolusies.

Cosaw het sy kommer uitgespreek oor die "gebrek aan steun vir progressiewe sportbewegings", en sy eie steun belowe "in 'n poging om apartheid se sportstrukture te ondermyn".

Cosaw beloof ook sy steun en deelname in die skepping van 'n "nasionale kultuur-organisasie".

Achmat Dangor, Transvaalse verteenwoordiger op Cosaw se nasionale bestuur, sê Cosaw het ook begin om sy strukture te hersien in 'n poging om "aktiwiteite en gesag te desentraliseer" en "om te verseker dat ons effektief kan uitreik na ons ondersteuners op grondvlak, veral in die plattelandse gebiede en die townships".

Plaaslike skrywerskringe sal gestig word.

Volgens Dangor reflekteer die nuwe bestuur die beweging se "grassroots"-benadering duideliker as tevore.

Die voorsitter bly prof Njabulo Ndebele (wat in Lesotho woon).

Die nuwe onder-voorsitters is Mzwakhe Mbule (Transvaal), Nisa Malange (Natal) en Buyisele Jonas (Vrystaat).

Die twee sekretarisse is Donald Parenzee (Weskaap) en Jenny Carlson (Natal). Die publisiteitsekretaris is Mewa Ramgobin (Natal).

# SA rugby het 'n duur prys om te betaal



**Rugby-ondersteuners hoop op 'n moontlike internasionale toer na Suid-Afrika later vanjaar. Wat gaan dit vir ons land se sportbande met die res van die wêreld - nie net nou nie, maar ook op die lange duur - beteken? In die eerste van ons weeklikse sportrubriek, OPSTOPPERS, gee CHARLES LEONARD sy mening.**

DIE gedagte aan 'n Springbokspan wat op die veld draf teen die wêreld se beste vyftiental laat enige rugby-ondersteuner se mond water. Geesdriftiges wat in hul massas opruk na Ellispark, Loftus, Nuweland en Boet Erasmus is egter iets wat al so effens begin vervaag het.

Indien dit gebeur, sal ons werklik weet hoe ons manne in die trotse groen en goud met die bestes vergelyk, en menige argumente sal ook opgelos word. Die geliefkoosde tydverdryf van Suid-Afrikaners om hul eie Bokspan te kies, sal dán sin hê. En Zandberg Jansen se nonsenssoekery sal ook relevant wees.

Die kans dat ons 'n internasionale span om en by Augustus gaan sien, lyk heel goed. Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad vier dan hul 100-jarige bestaan met feeswedstryde teen die land teen 'n genooide internasionale span.

Nieu-Seeland se minister van Buitelandse Sake, Russell Marshall, het dié week in Wellington versoek dat die Britse rugby-unies hul spelers weerhou om na Suid-Afrika te kom.

"Rugbyspelers sal nie veel meer as 'n polisiestaat aantref met rasse-diskriminasie as deel van die landswette nie. Dit is die klimaat waarin hulle gaan speel," sê hy.

Hy het duidelik volgende jaar se Statebondspele - wat in sy land plaasvind - in gedagte as hy dit sê.

Marshall beskou die rugby-unies se houding, dat hul spelers self moet kom kyk wat hier aan die gang is, as baie "vreemd".

"Wat hulle sal sien, is 'n land wat in 'n noodtoestand verkeer," sê hy.

Die Nieu-Seelandse Rugbyunie het geen uitnodiging van die SARR na die feesvierings ontvang nie. Hul houding verskil ook heeltemal met dié van die Britse rugbybase: "Baie streng stappe sal teen ons spelers geneem word as hulle uitnodigings na Suid-Afrika aanvaar," is die reaksie van die voorsitter van die NSRU, Russ Thomas.

Hoe nou gemaak? wonder Suid-Afrikaners seker.

Dit is immers rugby se 100e verjaardag en elke land is volgens die Internasionale Rugbyraad geregtig op 'n internasionale toer.

Dit lyk al weer na 'n kwessie van "ons is alleen teen die hele bose buitewêreld".

Rugby lyk op die oog af na een van die sportsoorte waar alles denkbaar gedoen word om dit ten volle geïntegreer te kry. Mense soos Paarwater en Cupido draf dan uit vir die Streeptruie, en Danie Craven, die president van die SARR, het vanjaar selfs uitgesonder as die jaar waarin alles denkbaar gedoen gaan word om apartheid op die rugbyvelde te pletter vat.

En hier wil ek my nou tot dok Craven rig.

Toe jy verlede jaar met Ebrahim Patel-hulle van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) in Harare gaan gesels het, het my oë gegloei van bewondering. Dit was 'n deksels brawe stap, veral omdat die "bose" ANC nogal in die voorste gestoelte was.

Die idee van een nie-rassige rugbyunie in ons land het 'n boerehart laat fluks pomp. Jy weet, dit het so 'n voorsmakie gegee van 'n Suid-Afrika waar die apartheidsmonster finaal begrawe was.

En die belofte dat daar geen internasionale toere na ons land sou wees - nie voordat julle en Saru in die eg verbind sou word nie, het menige oog laat glinster.

Maar toe raak die versoeking darem te groot en flankerings begin met die Engelse, die Skotte, die Wallisers, die Iere, die Franse, en die Aussies...

Ai jai jai Dok, die ergste is dat jy dit toelaat en dit nou nog goedpraat ook.

Al is die Rugbyraad 100 jaar oud, hou 'n mens steeds jou woord. Met al die korrupsie wat stink in die lug hang, raak dit al hoe makliker vir die ander lot om te skree "boereverneukery!". Dit laat 'n kriewel in 'n ou se broek.

En asof dit nie genoeg is, regverdig Dok nog sy Raad se drie afsonderlike rugbyliggame in 'n onlangse onderhoud met Vrye Weekblad. Sien, hulle het een vir die wittes, een vir die "kleurlinge" en een vir die swartes.

Sy verduideliking: "Identiteite hoort bymekaar. Hulle moet self in hulle gemeenskappe werk."

Dit sal elke selfrespekterende rugbyliefhebber in sy Castle laat stik. En dit in die jaar wat Craven "Die Jaar van Rugby-integrasie" noem.

Dit klink nes die driekamerparlement. Of liewer, die drie-kleedkamer-parlement!

Uitlatings soos die kan 'n mens van Broeder Fritz Eloff en sy "cronies" verwag, maar darem nie van Dok nie.

Iemand moet baie dringend die begrip "nie-rassigheid" aan hulle verduidelik voor dit heeltemal te laat is.

Gaan steek gerus kers op by die sokkermanne wat die afgelope naweek daadwerklik om 'n tafel gaan sit het om dinge uit te praat. Onder voorsitterskap van die National Sports Congress lyk dit of daar werklik een sokkerliggaam in Suid-Afrika gaan wees.

Die kans dat hulle internasionale sokker kan speel met die goedkeuring van die internasionale gemeenskap lyk stukke beter as julle s'n.

Ons wil almal weer ons kele hees skree vir die manne in groen en goud, Dok, maar daar is ongelukkig 'n prys wat ons eers moet betaal. Kom ons doen dit.

# Italiaanse vrou piekfyn na 130 dae in grot ...

CARLSBAD, Nieu-Mexiko - 'n Italiaanse vrou, wat 130 dae in 'n verseëlde grot deurgebring het as deel van 'n wetenskaplike eksperiment, het gesê die eerste ding wat sy nou wil doen, is om te gaan stap.

Stefania Follini, 'n 27-jarige binnehuisversierder van Ancona in Italië, het as vrywilliger aan 'n eksperiment, wat die uitwerking van lang periodes in isolasie op die mens wou ondersoek, deelgeneem.

Buite die grot, ná vier maande sonder enige geselskap, het sy haar donkerbrille opgesit om haar oë teen die woestynson te beskerm.

Met die eksperiment het sy die wêreldrekord vir 'n vrou in isolasie gebreek.

"Ek voel goed," het sy in Engels aan joernaliste en ondersteuners gesê. Follini het Engelse taalboeke saamgeneem toe sy in die grot verseël is op 14 Januarie.

"Ek dink ek sal vir 'n lang ent gaan stap," het sy gesê. "Ek sal later aan al die dinge dink wat ek nog wil doen."

In die grot het Follini heeltemal begrip van tyd verloor en kon nie glo toe die navorsers vir haar deur middel van 'n rekenaar sê die eksperiment is byna voltooi nie. Sy het gedink net 80 dae is verby.

Sonder begrip van dag of nag, en sonder 'n horlosie, het sy begin om 24 tot 25 uur wakker te bly en dan vir 10 ure te slaap. Sy het ook opgehou menstrueer.

Haar enigste kontak met die buitewêreld was deur 'n rekenaar wat gekoppel was aan dié van die navorsers s'n.

Sy kon niemand sien of hoor nie en daar was drie videokameras en mikrofone in die grot om haar te monitor.

Follini het haar besig gehou deur die mure van die grot met papieruitknipsels te versier.

Follini het ook gelees, solitaire gespeel en judo-bewegings gedoen om oefening te kry.

"Dit was pragtig om daar te woon," het sy met behulp van 'n vertaler gesê. "Maar dit voel goed om buite te wees. Ek voel piekfyn."

Die eksperiment is deur navorsers van Ancona in samewerking met die National Aeronautics and Space Administration (NASA) en verskeie Amerikaanse universiteite gedoen.

Follini moet nou verskeie toetse ondergaan om vas te stel tot watter mate die isolasie haar geestelike en fisiek beïnvloed het. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

**Die goudprys daal** tot sy laagste vlak in byna drie jaar tot 360 dollar per fynons. Die rand reageer en daal tot sy laagste vlak in vier jaar tot R2,78, teenoor die dollar.


**300 000 mense by 18 myne** se werk is in die weegskaal ná die daling van die goudprys. Twee van Suid-Afrika se oudste goudmyne kan eerste geraak word.

**Robert McBride,** 'n terdoodveroordeelde lid van die ANC, kry toestemming om met Paula te trou.

**'n Onafhanklike advokaat,** Brian O'Linn, word aangestel as die hoof van die kommissie van ondersoek na intimidasie in Namibia.

**Ray Swart, 61,** DP-LP vir Berea, kondig sy bedanking uit die politiek aan.

**Michelle Bruce, 22,** word aangewys as die nuwe Mej Suid-Afrika.



**Eerw Frank Chikane** word in die University-Hospitaal in Wisconsin, Amerika, opgeneem nadat hy ernstig siek geword het.

**Amerika se ambassadeur** in Suid-Afrika, Edward Perkins, verlaat die land en spreek hom uit ten gunste van sanksies teen Suid-Afrika.

**Die regering verlaag** die tarief op sommige tolpaaie.

**Die bekroonde pianis,** Steven de Groote, sterf in Johannesburg aan nierversaking.

**'n NP-lid** van die Johannesburgse Stadsraad, Dave Verster, bedank uit dié party en sluit by die DP aan.

**Die Boere-Vryheidsbeweging** word in Pretoria gestig onder leiding van JJ Groenewald

**Vyf werkers van Edworks** wat gestaak het, word ná 'n hofbevel deur die bestuur van die perseel verwyder.

**Twee Britse burgers** verskyn in die hof in verband met 'n skietvoorval waarin 'n toeskouer op Ellispark verlede maand beseer is.

**Anton Koen en James Cohen** word in die Pretoria Sentrale Gevangenis gehang vir die moord op twee bejaardes.

**Die grootste vermaaksentrum** in die land, Shareworld, word gelikwideer na 'n skuldbedrag van R45 miljoen.

**Twee Suid-Afrikaners,** Sydney Baker en Heinz Glockel word in die tronk in New York aangehou op aanklag van wapensmokkelary.

### Internasionaal



**In die grootste** versetbeweging sedert die kulturele revolusie van Mao Tse Tung trotseer honderdduisende Chinese die krygswet om in die Tiananmen-plein in Beijing te betoog.

Hulle eis die bedanking van die Eerste minister, Li Peng, en die hoofleier, Deng Xiaoping en die demokratisering van landswette. Tot 70 000 soldate word ontplooi om die studente-betogings te onderdruk, hoewel hulle nog nie opgetree het nie. In al die groot sentra in China asook in die buiteland, veral Amerika en Frankryk, bewys studente hul eensgesindheid met die betogers.

**Die Sowjet-regering** beveel agt Britse diplomate en drie joernaliste om die land binne twee weke te verlaat in reaksie op die Britse uitsetting van Sowjet-diplomate wat hulle beskuldig het van spioenasie.

**Die voormalige Filippynse president,** Ferdinand Marcos, is in kritieke toestand in die hospitaal in Honolulu, Hawai.



**Meryl Streep word** by die Cannes-filmfees aangewys as die beste aktrise vir haar rol in Cry in the Dark.

**Die Ajatollah Khomeini** ondergaan 'n operasie vir inwendige bloeding van die spysverteringskanaal.

**President Mikail Gorbatsjof** word deur die Kommunistiese Party aangewys as die nuwe uitvoerende president.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# 'Ek sal Bruce nooit vergewe'

**Vir die eerste maal in nege jaar gaan die blonde Bruce Fordyce nie weer sy gebruiklike eerste plek in die Comrades-marathon inneem nie. Watter mansatleet gaan Woensdag eerste oor die wenstreep in Durban draf? En, hoe ver gaan Frith van der Merwe die vroue-afdeling wen? OCKIE DUPPER krap kop hieroor**

"OPER as die gesig van 'n hoofseun."

'n Raker beskrywing van vanjaar se Comrades-marathon kan daar nie wees nie. Wat 'n sportskrywer se droomstorie kon wees, het in 'n nagmerrie ontaard.

Met sy onttrekking aan dié spogmarathon het Bruce Fordyce dit skielik moontlik gemaak vir 'n groot groep atlete om as potensiële wenner van die mansafdeling uit die stryd te tree.

Ek is gewaarsku.

Fordyce was nog altyd van mening dat hy nooit aan die Comrades sou deelneem indien hy nie 100 persent fiks is nie.

Maar as iemand wat reeds sy storie uitgewerk het, het ek geweier om te glo dat die oorwinning in die Standard Bank- 100km wedloop op Stellenbosch veel uit Fordyce sou neem.

Dit het. Om nou nog te sanik oor "wat is 'n Comrades sonder 'n Fordyce" gaan my nie ver bring nie. 'n Berig oor 'n Comrades sonder die blonde koning moet geskryf word (dreig my redakteur).

### Paniek?

Ek sal Bruce nooit vergewe nie, maar hier kom dit.


Kenners voorspel dat paniek kan losbreek aan die begin van die wedloop. In die verlede het baie atlete vir Fordyce dopgehou en toegelaat dat hy die pas aangee.

Dié jaar sal atlete nie weet wat om te doen nie.

Sommiges sal 'n te harde pas aangee in 'n poging om weg te breek, en dit sal dan aan 'n handjievol atlete oorgelaat word om te wys waartoe hulle in staat is.

Mark Page en Nic Bester moet op grond van hulle prestasies verlede jaar (onderskeidelik tweede en derde) as twee van die groot gunstelinge beskou word.

Page het sedert sy rampspoedige Standard Bank- 100km wedloop in Februarie - waar hy moes tou opgooi - 'n lae profiel gehandhaaf. Hy hardloop vanjaar in sy eerste "af" wedloop, en die moontlikheid bestaan dat die druk op hom dalk net te veel kan wees.



Die Blits van Benoni, Frith van der Merwe

Page dink anders: "Ek voel baie goed. My enigste probleem is ek voel so sterk dat ek myself moet terughou en spaar vir die wedloop."


Page lyk uitstekend voorbereid. Op 6 Mei voltooi hy die Wally Hayward-marathon in 2:41 om net die volgende dag 'n vinnige 76 minute in 'n half-marathon aan te teken. Verlede Saterdag draf hy die Randburg half-marathon in 'n gemaklike 80 minute af.

Met sy spoed skeel niks. Hy het onlangs agste geëindig in 'n 10km wedloop. Sy tyd - 'n blitsvinnige 30,47 minute - was die beste van sy loopbaan.

Na sy vierde plek in die Iron Man-kompetisie in Februarie, is daar ook maar min van Nic Bester gehoor. Bester, wat ook die eerste keer aan die "af" wedloop deelneem, sê hy het die jaar in sy voorbereiding meer gekonsentreer op die Comrades as die Ultraman-kompetisie. Die laaste ultra-marathon waaraan hy deelgeneem het, was die Twee Oseane waar hy 'n gemaklike 3:40 gehardloop het.

Op geestelike vlak kan Bester vanjaar egter die knoop deurhak. "Nic is 'mentally' baie sterk," het 'n oefenmaat aan Vrye Weekblad gesê.

"Die wedloop is die jaar 2 km langer, en as jy uit is op jou bene, is dit ver om op reserwes te hardloop. Dit is hiér waar Nic die ding kan doen."



**Mark Page, een van die gunstelinge, glimlag oor die gedagte**

'n Atleet wat nog nooit aan die Comrades deelgeneem het nie, en volgens baie mense die eerste oorsese wenner sedert 1972 kan wees, is die Hongaarse ster Attila Kovacks.

Na sy sewende plek in die Standard Bank- 100 km en sy negende plek in die Twee Oseane, het Kovacks kenners verstom met sy dieet van langafstand-oefenweke (200 km plus) en deelname aan bykans elke moontlike wedloop.

Slegs 'n week ná die Twee Oseane, op 2 April, eindig Kovacks vyfde in die Jackie Gibson-marathon met 'n vinnige 2:34:04, en op 9 April teken hy 'n 1:51 in die Krugersdorp 32 km aan. Dit volg hy op met 'n oorwinning in beide die Elite Sasolburg-ultra en die Ohlssons 56 km op Potchefstroom.

Om alles te kroon hardloop hy ook 'n vinnige 2:27:30 in die Lucozade-marathon - dít alles binne 'n kwessie van vyf weke!

### Niks verkeerd

Ooroefen? Alan Robb, wat die wedloop vier keer in die sewentigerjare gewen het, dink nie so nie.

"Attila het nog niks verkeerd gedoen nie en het baie tyd gehad om uit te rus vir die Comrades." Hou hierdie borselkop, wat in die klere van Rocky Road Runners deelneem, goed dop.

Die tweede oorsese inskrywing wat genoem moet word, is dié van die Franse 100 km kampioen, Jean-Marc Bellocq. Sy vierde plek in die Standard Bank- 100km en sy tweede plek in die wêreld 100 km kampioenskap verlede jaar, gee volgens Bernard Rose aan Bellocq 'n beter wenkans as Kovacks.

Die huidige Suid-Afrikaanse marathon-kampioen, Willie Mtolo, is Fordyce se keuse vir die kroon. Mtolo se uitstekende 2:08:15 in die standaardmarathon gee aan hom daardie bykomstige voorsprong wat afwesig is by die meeste van sy teenstanders. Kan hy egter sy staal oor meer as dubbel die afstand toon?

Die beproefde teorie dat die Comrades eers werklik ná 70 km begin, kan Mtolo dalk kniehalter - ondanks die feit dat hy in 1983 reeds die Comrades in 'n goeie 23e plek voltooi het.

Dan is daar nog Philemon Mogashane, wat na Fordyce en Deon Holtzhausen derde geëindig het in die Stellenbosch-ultra, en 'n sesde plek losgehardloop het in die Twee Oseane.

'n Ander bekende is Hosea Tjale, wat baie het om te bewys na sy tweede plek in 1985 en sy derde plek in 1987.

'n Buiteperd onder die mans is die jong Charl Mattheus. Na 'n 21e plek in 1987, het die 22-jarige Mattheus die tonge behoorlik los gehad met sy goeie sewende plek verlede jaar.

Die atleet wat verlede jaar in die sesde plek geëindig het, Winkelhaak se Jetman Msutu, staan ook 'n goeie kans om op dié plek te verbeter.

In die vroue-afdeling is die vraag nie "wié gaan wen?" nie, maar "hoe ver gaan Frith van der Merwe wen?" (dit is nou as die son nie gaan stilstaan of iets onverwags gebeur nie).

'n Mens wonder ook of Frith nie gaan regkry wat geen ander vrou nog in die Comrades kon vermag het nie - om onder die top-tien atlete te eindig.

Dit mag dalk vergesog klink, maar sy het maalvleis gemaak van haar teenstanders die jaar, en in die proses twee wêreldrekords (in die 30 myl en 50 km) agter haar naam geskryf.

Haar 22e plek in die Twee Oseane en haar verstommende SA rekord (2:30:35) in die SA marathonkampioenskappe plaas die vrou van Benoni in 'n heel ander klas as haar mededeelnemers.

Haar derde plek in die Clicks Femina- 10km wedloop in Durban - nadat sy voor die tyd bekend gemaak het dat sy slegs gaan "jog" in die wedloop - het 'n bekende kommentator laat opmerk dat Frith 'n metamorfose ondergaan sodra die skoot klap.

Vra maar vir Johnny Halberstadt, Danny Biggs, Alan Robb en Nic Bester, wie se name almal 'n paar plekke onder Frith s'n op die uitslae van die Twee Oseane verskyn het.

Helen Lucre, wenner van die Comrades in 1985, 1986 en 1987, lyk na 'n waarskynlike naaswenner die jaar.

Na haar teleurstellende derde plek (7:07:50) verlede jaar, het sy vanjaar baie gesnoei aan haar oefenafstande en dit lyk of dit die gewenste uitwerking het.

Sy het verlede maand die Settlers ultra-marathon (60km) op Grahamstad gewen, en 'n vinnige 57 minute in 'n onlangse 15 km aangeteken.

Skakel Woensdagoggend die kassie maar vroeg aan - hier kom 'n grote.

Las rugbytoer af — bladsy 19

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 26 Mei 1989

# Manie nie meer stil nie

Andrea Vinassa

**REGISSEUR Manie van Rensburg se naam het van die SAUK-TV-skerm verdwyn sedert hy Dakar besoek het - maar dié stilte word nou verbreek.**

Hy is besig met 'n paar interessante projekte. Een daarvan is die verfilming van 'n televisiereeks gegrond op Hans Strydom se biografie van Robey Leibbrandt, bokser en Nazi-saboteur in Suid-Afrika.

'n Ander projek is die stigting van die Rolprentteater-Instituut, wat vir Suid-Afrikaanse rolprentmense van meer belang is.

Die doel van die instituut is om die kultuur wat deur Suid-Afrikaners vervaardig is, aan die buitewêreld te bring. Die instituut bemoei hom met die verfilming van hoofsaaklik toneelstukke en sal dien as 'n vertoonkas vir die idees van Suid-Afrikaners wat hulle verset teen apartheid én teen buitelanders (soos Richard Attenborough) wat Suid-Afrika se beeld na buite beheer.

Die instituut is gegrond op die konsep van die American Film Theatre, die vervaardigers van prente soos The Glass Menagerie en A Streetcar Named Desire.

Die eerste produksie, The Native Who Caused All The Trouble, is geskryf deur Vanessa Cooke, Danny Keogh en Fink Haysom en is in 1986/87 bekroon met die AA Vita-prys vir die Toneelskrywer van die Jaar. Die prent handel oor een van die hoekstene van apartheid - die grondgebiedewet van 1913.



**Danny Keogh, een van die skrywers van The Native Who Caused All The Trouble**

"Ek is verveeld met agitprop-teater. Die populêre uitbeeldings van die slagoffers van apartheid het 'n cliché geword," sê Van Rensburg.

Een van die belangriskte take van die instituut, sê hy, is die opleiding van tegnici en skrywers.

"Teater is die medium van die skrywer, rolprente is die regisseur se medium. Die ideaal is om die twee te kombineer.

"Ek wil 'n nuwe genre ontdek. Uiteindelik wil ek regstreeks vir dié genre skryf."

Dié regisseur is ook lid van de uitvoerende raad van die Film and Allied Workers Union (Fawo) en 'n sterk ondersteuner van die organisasie se beleid om 'n alternatiewe rolprentbedryf en -kultuur te bevorder. Hy het dit teen die Amerikaanse en hoogs komersiële oriëntering van die huidige bedryf.

"Fawo bring vir die eerste keer 'n klomp kreatiewe mense bymekaar, mense wat omgee vir die bedryf en vir die land waarin hulle leef. Twee vyande van die bedryf is ego en geldgierigheid en as dit afwesig is, kan interessante rolprente gemaak word.

"Die instituut wil mense betrek wat teen realistiese salarisse wil werk, omdat dit vir hulle lekker is."

En Leibbrandt?

Van Rensburg vertrek vandag Oudtshoorn toe waar hy begin werk aan Operation Weissdorn waarin Marius Weyers die rol speel van Jan Smuts se baasspeurder, Jan Taillard, en die onbekende Kaapse akteur wat in Londen woon, Paul Hertzberg, die rol van Leibbrandt vertolk.

Operation Weissdorn is nie 'n instituut-projek nie.

## Paul Emsley stal uit op Stellenbosch



**Sandra's Daughter, in conté-kryt - deel van 'n tentoonstelling van tekeninge deur die bekende Kaapse kunstenaar Paul Emsley wat tot 2 Junie te sien is in die Dorpstraat Galery, Stellenbosch. Dit is sy eerste eenmens-tentoonselling sedert 1982. In 1983 het hy sy rug gekeer op die ekspressionisme en hom gewend tot modelteken - met as onderwerp wolke, bome, berge, diere en die menslike figuur. In hierdie periode ondersoek hy die belangrikheid van toonwaardes - lig en donker - soos dit voorkom in lig, skadu en die weerkaatsing van lig.**


## Die Storm om Afrikaanse Shakespeare

Dieter Reible se interpretasie van Shakespeare se The Tempest in Afrikaans gaan gehore skok, sê André Odendaal in 'n onderhoud........................ 5

Amanda en die orgasmes.................... 2

Jazz Pioneers blaas lewe in die 50's .. 3

Bartho Smit se Keiser......................... 3

'n Madama Butterfly om te onthou ...... 5



LATE-NITE AL'S

Milpark
(agter Holiday Inn)
(011) 726-3412/8609

SPESIALE VROEGAAND AANBOD

25% AFSLAG OP VOOR-TEATER AANDETE
(uit teen 8NM)

Oop van middagete tot baie laat sewe dae per week


**ETE EN DRINKE**



# Skrophoender met roosmaryn en seesout

'n REGTE skrophoender is 'n luukse wat stadsbewoners min te proe kry. Hierdie hoenders se vleis is stewiger as dié van batteryhoenders en het ook baie meer smaak. Hulle moet nie oud wees nie - hulle kan ontsettend taai raak en die enigste manier om hulle dan gaar te maak is om hul rafeltjies te kook en hoenderpastei te maak.

Miskien het jy een of ander kontak wat jou kan help om 'n skrophoender te kry, want vir die resep wat volg het jy 'n goeie hoender nodig. Soms is daar in stede klein markies waar boere hoenders en groente verkoop. So nie, koop een by Woolworths - hulle hoenders is baie beter as die ander winkels s'n.



Koop ook 'n pakkie hoenderlewers, wat nie bloedrooi moet wees nie. Goeie lewers het gewoonlik 'n gelerige skynsel.

Gebruik nou pleks van die opgesmukte resep wat ek verlede week bespreek het die volgende bitter eenvoudige resep van die Franse meester Roger Vergé. Dis baie belangrik dat jy vars roosmaryn gebruik.

**1 vars plaashoender van 1,8 kg (verminder die gaarmaaktyd effens as jy kleiner hoenders gebruik)**
**3-4 hoenderlewers**
**1 kg growwe seesout**
**1 kg meel**
**1 takkie vars roosmaryn (10-15cm lank)**
**1 lourierblaar**
**sout, peper**
**andyvie-slaai (Die krullerige, bitter soort. Indien jy nie andyvie in die hande kan kry nie gebruik Chinese kool, of baba-spinasie, en eers dan ander blaarslaai.)**
**wynasyn, olyfolie en sonneblomolie**

Voorverhit die oond tot 150 grade Celsius (300 grade Fahrenheit). Meng die sout en meel in 'n groot bak met genoeg koue water om 'n stewige deeg te vorm. Knie totdat dit glad is en druk nou plat op 'n werkvlak wat liggies met meel besprinkel is.

Sprinkel die binnekant van die hoender met sout en peper (geen sout buitekant nie asseblief!). Druk die lourierblaar, roosmaryntakkie en afgewaste hoenderlewers in die hoender in. Moenie die hoender kliphard stop met die lewers nie.

Draai die hoender nou in sy deegkombersie toe sodat hy/sy oral deeglik geseël is. Plaas in 'n vlak oondskottel, en druk 'n uur en 'n half in die oond.

Maak 'n slaai met die andyvie (hou slaaibestanddele altyd in die yskas - warm slaai is sleg) net voordat die hoender gaar is en maak 'n goeie slaaisous met die wynasyn en 'n mengsel van olyfolie en sonneblomolie.

Haal die hoender uit die oond en plaas dit op 'n kombuisplank. Sny die kombers met 'n groot kombuismes af. Die deeg sal kliphard wees. Wees baie versigtig. Verwyder die hoender uit die deeg, plaas dit in 'n warm opdienbak en sny dit op. Verwyder die hoenderlewers uit die binnekant, kap dit grof en meng met die slaai.

Die hoender wat in stoom binne die kors gaar geraak het, het al sy geur en sap behou en die heerlike geur van roosmaryn en ongeraffineerde seesout het die hoender deurtrek. Wie het gesê mens kan roosmaryn net saam met skaapvleis gebruik?

Jy kan klein aartappeltjies wat in die skil gekook en in botter gerol is saam met die hoender bedien.

Drink vars jong rooiwyn saam met die hoender.

Ek verkies hoender nog pienk, maar as jy bang is daarvoor kan jy die gaarmaaktyd 'n bietjie verleng.

Jy kan die hoender 30-40 minute lank voor opdiening uit die oond haal. Dit sal goed warm bly in die dop. Verkort dan egter die gaarmaaktyd met 'n kwartier.

KOOS COETZEE

# Wyn uit 1945 smaak vorentoe!

**Ons wynskrywer, BJ LANKWARDEN, het gaan proe aan vyf dekades se Zonnebloem Cabernet**

EEN van die trotste wynreekse in ons land - indien nie die heel beste nie - is Zonnebloem, met die vlagskip ongetwyfeld die Zonnebloem Cabernet Sauvignon.

Dié wyn is al 'n hele paar jaar 'n versamelaarsitem.

Zonnebloem het 'n interessante geskiedenis, maar dit sal moet wag.

Ek wil verslag doen oor 'n wynproe wat onlangs in Stellenbosch plaasgevind het. Daar was Zonnebloem uit vyf verskillende dekades!

Rooiwyne het eers in die afgelope twintig jaar gewild geraak. Tog maak rooiwyn net 10 persent van die totale wynmark uit. (In die meeste lande word meer rooi as wit geproduseer.)

Dit kom glo van die eerste *Hollandse setlaars, wat wit* druiwe geplant het om mee te stook.

Wit druiwe stook beter as die rooi.

En omdat daar toe soveel wit druiwe was, het ons mense witwyn begin drink.

Hier en daar het fynproewers rooi wyn gedrink, en Stellenbosch se Boerewynmakery het in 1932 die eerste Chateau Libertas vrygestel.

Hul eerste Zonnebloem Cabernet was in 1945, net ná die oorlog, op die mark.

Veertig goeie wyne het sedertdien die lig gesien.

Nou vir 'n verslag van die proewery:

Die eerste wyn was die 1986 Cabernet Sauvignon, wat 'n duidelike afdruk van die nuwe styl van Zonnebloem se wynmakerspan gedra het. Dit was 'n wonderlike wyn, nog heeltemal te jonk, maar met 'n uitstekende toekoms voor. Dit was waarskynlik beter gemaak as al die ander wat ons geproe het. 'n Hoogtepunt was die gebruik van nuwe hout wat dié wyn 'n aangename en komplekse struktuur en lang nasmaak gegee het. 15,5 uit 20.

Die tweede was die 1978 Cabernet Sauvignon. Dit was 'n tipiese voorbeeld van die rooiwyne wat in die tweede helfte van die jare sewentig gemaak is. Hulle is reg en ryp, net lekker, maar eerlikwaar nie wonderlik nie. Hulle is versny met ander druiwe, en die resultaat is middelmatig. 14 uit 20.




Volgende was die 1969 Zonnebloem Cabernet.

Ek het baie van dié wyn gehou omdat dit 'n goeie, helder en skoon cabernet neus en smaak gehad het.

Destyds het hulle 'n bietjie Pontac bygesit, maar deur die jare het die cabernet sy inbors gewys. 15+ uit 20.

Toe kom die 1957 Zonnebloem Cabernet. Toe dié wyn gemaak is, was ek nog op laerskool.

'n Meer verloklike wyn is skaars. Dis 'n vol, rykgekleurde wyn met 'n ryk, amper soet cabernet neus en 'n komplekse, ryk en vol soet smaak.

Met soet bedoel ek nie suiker nie, omdat die wyn kurkdroog is, maar die rypheid van die wyn wat 'n ou cabernet so 'n wonderlike smaak gee. 17,5 uit 20.

Die laaste wyn was die 1945 Zonnebloem Cabernet.

Daar is nie veel van hierdie bottels oor nie, en 'n mens kan maklik oorweldig raak deur die ouderdom, en jou oordeel kan wankel.

'n Mens moet vergeet dat die Tweede Wêreldoorlog nog nie verby was toe die druiwe geoes is nie.

Die wyn het 'n goeie kleur gehad, geen tekens van ernstige verbruining nie en die neus was amper Bordeaux. Nog 'n vol soet ryp cabernet, en... daar was iets wat normaalweg kom met 'n baie goeie ou Bordeaux.

Ek bedoel die gevoel van 'n fyn, syerige lagie agter die tande. Des te beter!

Die alkohol en suur was hoog, en ek het gewonder of dié twee die wyn so lank lewendig gehou het. In elk geval het dit gelyk asof die wyn effens opgedroog het wat 'n seker teken is dat die wyn sy piek bereik het.

My raad aan enigiemand wat nog 'n bottel van hierdie wyn het, is om dit te drink.

En as daar minder as vier mense is, nooi my ook! (18+ uit 20).





Eric bedien waterand-disse uit Suid-oos Asië

Elke middag- en aandete tot laataand (ook oggend- en middagtee)

Sondae 7-10nm: Koala Blu Jazz in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub
Bespreking 'n vereiste

Koala Blu
7de Straat 9,
Melville
(011) 482-2477/8

HARRIDANS RESTAURANT
by die Mark-Teater

GEKIES AS EEN VAN DIE TOP TIEN-RESTAURANTE AAN DIE RAND

Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag vir middag- en aandete
Saterdae slegs aandete

Mark-Teater
Breëstraat, Newtown

Telefoon 838-6960

THE COMPANY
Vegetariese en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801

THE COMPANY IS SO LEKKER

